Die Voortrekkers

EEN EN TWINTIGSTE KONGRES
VANAF 16 TOT 18 JULIE 2009
OP DEO GLORIA TERREIN NABY BARKLY WES

"Gister, Vandag en Beslis Môre"

Boodskappe

Hoofleier van Die Voortrekkers: Prof PJ Strauss
Natuurlik is dit so dat ons in Die Voortrekkers ons nasionale kongresse hou om dinge te bepraat en te besluit. Die kongres is ons hoogste en mees omvattende beleidsvergadering. Ons het deur die jare ook geleer dat die inset van élke afgevaardigde of waarnemer belangrik is. Jy is nie te jonk of te oud of te vroulik of te stout om nie ‘n waardevolle bydrae te kan lewer nie.

Kongres 2009 vind egter nie plaas net om die regte dinge te besluit nie. Kongres 2009 is ook om te inspireer. Om vanuit ons ABC-karakter lewende vibrasies deur Die Voortrekkers as geheel én deur die gemeenskap waarbinne ons lewe te stuur wat getuig van die rol en stabiliteit van ‘n jong moderne, patriotiese beweging vir Afrikaners en veral jong Afrikaners. ‘n Beweging wat vir gebalanseerde, verankerde jong Afrikaners ‘n kulturele tuiste bied en hulle as voorbereide mense die lewe instuur. ‘n Lewe wat multikultureel, in geloof gevarieer en dikwels kompleks en frustrerend is.

Daarom, jy is baie welkom om saam met almal van hierdie kongres ‘n sukses te probeer maak. Ek glo dat die Voortrekker ABC ons erns is. En om vanuit die ABC (met die groot C wat die A en die B bepaal) ‘n bydrae te lewer, is ons elkeen se voorneme en ideaal.

Daar is belangrike dinge op ons sakelys. Ek bid vir ons almal en vir ‘n goeie kongres.

Voorsitter van AB direksie: Prof Piérre Theron
Namens myself en die Afrikanerbond wil ek die Voortrekkerbeweging graag alles van die beste toewens met die vierjaarlikse kongres wat van 16-18 Julie 2009 plaasvind. Vanaf sy stigting in 1931, was die Afrikanerbond ten nouste by die Voortrekkerbeweging betrokke, of dit nou moreel of deur middel van finansiële ondersteuning was. Oor ons verbintenis met die Voortrekkers, oor dekades heen, is die Afrikanerbond opreg trots. Duisende jongmense is, in die 78-jaar van die Voortrekkers se bestaan, toegerus met ‘n waardestelsel wat die grondslag gelê het vir hulle bydrae tot Suid-Afrika. Talle leiers in ‘n verskeidenheid van sektore, hetsy besigheid of politiek, hetsy kultuur of akademie het uit die geledere van die Voortrekkers gekom. Die Voortrekkers is dié een jeugorganisasie wat tot dusver suksesvol kon reageer op die moderne uitdagings, nie net vir die jeug nie maar ook vir die breë Afrikanerkultuurhuishouding. Die grootste uitdaging vir die Voortrekkers is om vandag dinamiese leiers te kweek wat hulle daarop kan toespits om die jeug van Suid-Afrika positief te beïnvloed oor hulle toekoms en oor hulle rol in Suid-Afrika. Wees verseker dat die Afrikanerbond u taak ondersteun en bestaan daar 'n behoefte om die bande met die Voortrekkers, wat reeds gevestig is, te handhaaf en te versterk.

Ek wens u alle sterkte toe met u verrigtinge, die besprekings en besluite wat op die kongres geneem sal word. Vriendelike groete

Voorsitter van ACVV: Me A Abel
Die ACVV het waardering vir die onverpoosde ywer en toegewydheid waarmee Die Voortrekkers dienste aan die jeug lewer. As welsynsorganisasie wat intensiewe kinder- en gesinsorgdienste lewer deel ons Die Voortrekkers se uitkyk dat die jeug ‘n onontbeerlike bydrae tot gesonde gesinne en gemeenskappe lewer. Mag hierdie kongres u motiveer en inspireer om die uitdagings wat veral ons jeug in die gesig staar in kreatiewe programme van hoop en diens te laat omsit.

Seënwense vir ‘n suksesvolle en rigtinggewende word u toegebid.
Met vriendelike groete.

President van SAOU: Mnr Jopie Breed
As oud-Voortrekker is dit vir my heerlik om steeds die fakkel te sien brand! Hiermee wens die SAOU graag sy beste wense oor te dra aan die Voortrekkers tydens hul vierjaarlikse kongres vanaf 16 tot 18 Julie 2009. Die plek en rol van die Voortrekkers in ons samelewing het oor die jare nie net relevant gebly nie, maar al hoe belangriker geword. Dit is vir ons by die SAOU 'n riem onder die hart om van die werksaamhede van die Voortrekkers kennis te neem en ons het steeds die hoogste waardering daarvoor. Dit is vir ons duidelik dat julle saampraat met die hedendaagse, dat julle tred hou met die veranderinge in ons land en dat julle steeds van krag tot krag gaan. Wat veral verblydend is om te sien, is dat julle nie net besig is om te probeer oorleef nie. Die dinamiek wat altyd teenwoordig was, staan steeds uit in jul doen en late.

Mag hierdie kongres ook daartoe bydra dat julle steeds leiding sal neem binne Afrikaner-geledere en dat julle deel sal bly van die kern van ons land se toekoms.

HOU KOERS!

Waarnemende Besturende Direkteur van ATKV: Hennie Bekker
Dit is 'n groot voorreg om organisasies soos die Voortrekkers en die ATKV se kongresse te kan bywoon. Indien die kongres dan ook net elke 4 jaar gehou word, is dit nog 'n groter voorreg. Baie geluk met die nuwe logo. Verder lê u ABC leuse van positiewe Afrikanerskap, lojale Burgerskap en konsekwente Christenskap lê ons in die ATKV ook baie na aan die hart.

Hiermee die ATKV se opregte groete en voorspoed met die kongres op Barkley-Wes. Mag die kongres vir almal 'n belewenis wees en dat u almal daar sal weggaan met nuwe idees en nuwe krag om die groot taak met hernude passie te gaan uitvoer.

Vriendelike ATKV-groete

Voorsitter van FAK-direksie: Prof Danie Goosen
Die FAK is daarvan oortuig dat die Afrikaners as kultuurgemeenskap 'n goeie toekoms het indien hulle trou bly aan die geloof van hulle voorgeslagte, indien hulle die ruimte vir kreatiewe denke skep en indien hulle die wil om op 'n skeppende wyse voort te bestaan lewendig hou. Die FAK is daarvan oortuig dat hierdie dinge vandag op velerlei wyses in die Voortrekkers beliggaam word. Mag dit daarom met die Voortrekkers van krag tot krag gaan. Die Afrikaners het julle vandag meer as ooit nodig.

Adjunk uitvoerende hoof: Solidariteit: Dr Dirk Hermann
Soek weer die selfhelp energie van die Afrikaner
In 1939, presies 70 jaar gelede, is die Reddingsdaadbond gestig. Dit was die tyd van selfhelp en selfopstaan van die Afrikaner. Dit is ook in diè tyd wat Die Voortrekkers gestig is. Dit was egter ook 'n swaarkry tyd. Die groot depressie, verstedeliking, morele verval, die arm blanke vraagstuk was alles deel van die tyd. In hierdie swaarkry tyd het die Afrikaner ook sy kreatiewe energie ontdek. Die Afrikaner het die krag van selfdoen ontdek. Die Voortrekkers is so simbool van 'n selfdoenorganisasies gebore uit 'n swaarkry tyd. Tot 'n groot mate het die Afrikaner sy interne kreatiewe energie in die apartheidtyd verloor. Die klem het geskuif van selfhelp na die regering sal help. Die prys wat die Afrikaner betaal het vir apartheid was 'n verlies aan interne energie en tot 'n groot mate sy sin vir roeping. Die vraag is hoe moet die Afrikaner reageer in die na 94-tyd. Die antwoord lê redelik vars in sy geskiedenis, so kort as 70 jaar. Die Afrikaner moet weer sy sin vir selfhelp terugkry. Die krag van roeping en die eenvoudige woordjies werk en verantwoordelikheid moet weer herontdek word. Die Voortrekkers kan weer 'n reuse rol hierin speel. Die Voortrekkers is gebore uit die kreatiewe energie van die Afrikaner. Die Voortrekkers moet aan ons jongmense leer om self te doen en om die gees van onder-nemerskap op te soek. Solidariteit het ook besluit om die roete van selfstandigheid te loop en het 'n reeks instellings geskep waaruit demokratiese ruimtes vir hulle lede en gemeenskappe geskep kan word. In die lig hiervan is Solidariteit en Die Voortrekkers natuurlike vriende en stuur ons graag groete namens die Solidariteit Beweging.

Notule

1. OPENING (Donderdagaand)

1.1 Openingseremonie

Die kongres word geopen met ‘n kort program rondom die ABC van Die Voortrekkers met behulp van vlae, fakkels en samesang. Daar word saam gelees en gebid.

1.2 Kongresboodskap

HL Piet Strauss lewer boodskap aan kongres. Boodskap word in Bylae A opgeneem.

1.3 Logo ingebruikneming

Die nuwe logo vir Die Voortrekkers word dmv ‘n kort oudiovisuele program en uitleg op verhoog in gebruik geneem.

1.4 Hoofbestuur toekennings

Toekennings wat deur Hoofbestuur gemaak is vir diens op nasionale vlak word aan ontvangers oorhandig deur HL Piet Strauss.

1.5 Hoofbeskermheer en Hoofbeskermvrou vir Die Voortrekkers

Hoofbestuur het Mnr Willem Cruywagen en Me Snowy Cruywagen as Hoofbeskermheer en Hoofbeskermvrou onderskeidelik aangewys. Die inhuldiging word deur HL Piet Strauss waargeneem en die kongresgangers sing hulle die seënbede toe.

1.6 Hoofleier inhuldiging

Prof Piet Strauss is onbestrede benoem vir Hoofleier vir die volgende termyn. AHL Schalk van Vuuren neem die inhuldiging waar en die kongresgangers sing die Vrystaat lied hom toe.

1.7 Godsdiensbeurte waarneem tydens kongres

Donderdagaand afsluiting – GL Willie Engelbrecht
Vrydagoggend opening – GL Willem vd Merwe
Vrydagaand afsluiting – GL Jan Palm
Saterdagoggend opening – AHL Mauritz Meiring
Saterdagmiddag afsluiting – HL Piet Strauss

2. VERSLAE en BOODSKAPPE (Donderdagaand)

Kort verslae en boodskappe word aan die kongres gelewer:

2.1 Gebied Kaapland – Gebiedsleier Jan Palm
2.2 Gebied Namibië – Gebiedsleier Hanta Potgieter
2.3 Gebied Transvaal – Gebiedsleier Willem vd Merwe
2.4 Gebied Vrystaat – Gebiedsleier Willie Engelbrecht
2.5 Staatmakers – Hoofskakeldraer Gys le Roux
2.6 Jeug - Nasionale jeugleier Adri Theart
2.7 Groeteboodskappe

In die sakelys is ‘n aantal groeteboodskappe opgeneem. Daar is ook intussen telefonies of per epos boodskappe van goeie wense ontvang van Karen Hauman (dameskring), Chris Lessing (oud-HS), Louis Blom (oud-HS), Magdel Rossouw (oud-AHL), Ferdi Smit (oud-AHL) en Cecilia van Dyk (oud-AGL)

3. KONSTITUERING

3.1 Oproep

Ooreenkomstig die bepalings in die Grondwet van Die Voortrekkers, artikel 26, is die kongres vir 2009 opgeroep. Daar is verder ook aan al die bepalings van die reglemente van Die Voortrekkers, soos in hoofstuk 25 omskryf, voldoen.

3.2 Beskrywingspunte en sakelys

Versoeke vir beskrywingspunte is reeds in September 2008 uitgestuur en Hoofbestuur het die beskrywingspunte, soos omskryf en georden, goedgekeur om in hierdie sakelys op te neem. Die sakelys is binne die sperdatum aan alle afgevaardigdes versprei.

3.3 Geloofsbriewe

Die hoofsekretaris stel formeel ‘n verslag oor die geloofsbriewe soos ontvang aan die kongres. Daar is 226 stemgeregtigde kongresgangers en 66 waarnemers van 102 Voortrekkerkommandos en Los veldkornetskappe. Robertson Voortrekkerkommando het sedert verlede jaar met 52 lede toegeneem en versoek dat hulle afgevaardigde ook stemreg op die kongres mag kry.

Die aanwesige lede vorm ‘n kworum volgens die Grondwet van Die Voortrekkers.

Besluit KonNo2009/3.3

a) Dat Robertson Voortrekkerkommando se afgevaardigde stemreg mag kry.

b) Dat die een en twintigste kongres van Die Voortrekkers formeel saamgestel word as 'n wettige byeenkoms van die kongres vir die afhandeling van die gepubliseerde sakelys.

Statistiek:
Afgevaardig – 226 en Besoekers - 62
Manlik - 113 en Vroulik – 175

0 - 10 jare diens – 102
11 - 20 jare diens – 83
21 – 30 jare diens – 64
31 – 40 jare diens – 27
41 – 56 jare diens - 12

4. ORDEREëLINGS

4.1 Spreekbeurte

Besoekers wat geregistreer is kan spreekreg kry, nadat voorkeur aan afgevaardigdes verleen is, maar hulle het nie stemreg nie en kan ook nie mosies indien nie.

4.2 Stemtellers en Mosiekomitee

Lede van NK Organisasie sal as stemtellers en mosiekomitee optree.

4.3 Samesang

Tarina vd Merwe sal begeleiding verskaf vir sang.

4.4 Naamkaartjies

Naamkaartjies moet asseblief te alle tye gedra word.

4.5 Dataprojektors

Alle sake wat bespreek word, word deurlopend geprojekteer en NK Organisasie sien toe dat nuwe voorstelle deurlopend elektronies oorgedra word vir bespreking.

5. MOSIES

5.1 Mosie van rou

In die afgelope 4 jaar is verskeie Voortrekkers en direkte familielede van Voortrekkers oorlede. Die kongres neem staande 'n mosie van rou.

5.2 Mosie van vertroue

Hierdie kongres spreek sy waardering en solidariteit uit teenoor alle jong Afrikaners wat in hierdie tyd streef na 'n konsekwente Christelike leefwyse en vanuit hierdie oortuiging met die moderne Afrikaner assosieer. Die kongres roep hulle op om 'n positiewe en opbouende rol in die lande waarin hulle woon, te speel.

5.3 Mosie van gelukwense

Hierdie kongres wens president Jacob Zuma geluk met sy verkiesing en spreek die hoop uit dat sy regering billik en tot voordeel van almal in Suid-Afrika sal wees. Ons herhaal die mondelingse uitnodiging wat in April 2009 aan hom gerig is om Die Voortrekkers te besoek.

6. HOOFDAGBESTUUR VERKIESING

6.1 Adjunkhoofleier Bemarking

Hoofbestuur het op 18 April 2009 besluit dat die Hoofdagbestuur uitgebrei moet word tot 7 lede. Hoofbestuur was van mening dat daar 'n spesifieke Adjunkhoofleier aangewys moet word wat die portefeulje "Bemarking" moet hanteer. Dit moet 'n spesifieke pos wees omdat daar na spesifieke vaardighede gesoek word. Hoofbestuur het ooreenkomstig bepaling artikel 26.2.4 (h) van Die Voortrekkers se grondwet besluit dat die bykomende pos dan spesifiek vir bemarking sal wees en dit so in die April 2009 Inligtingsbrief bekend gemaak.

Die kongres word versoek om hierdie besluit te kondoneer ten einde die kieskollege in staat te stel om met die spesifieke stemming voort te gaan.

6.2 Nominasies ontvang

Hoofleier:	Piet Strauss
Adjunkhoofleier Administrasie:	Lukas de Kock
Adjunkhoofleier Finansies:	Mauritz Meiring
Adjunkhoofleier Bemarking:	Constantine Varley
	Sias Mostert
Adjunkhoofleiers:	Annatjie Blignault
	Annemaré de Kock
	Fanie Minnie
	Gys le Roux
	Magda Wentzel
	Sias Mostert
	Willem Petzer

a) Vir die pos van Hoofleier is net die nominasie van Piet Strauss ontvang en word hy dus eenparig deur die Kongres aangewys as Hoofleier vir die volgende vier jaar.
b) Vir die poste AHL Administrasie en AHL Finansies is net die nominasies van Lukas de Kock en Mauritz Meiring onderskeidelik ontvang.
c) Vir die ander poste is meer as een nominasie ontvang en sal die Kieskollege Saterdagoggend die verkiesing hanteer.

7. VERSLAG VAN HOOFBESTUUR

a) Die verslag word in die geheel aan die kongres gestel soos dit in die sakelys opgeneem was. Die verslag word nou opgeneem as Bylae B tot hierdie notule.
b) Vrae moes skriftelik (epos) voor 26 Junie 2009 aan Hoofsekretaris gegee word ten einde 'n behoorlike antwoord vir kongres gereed te kry. Geen vrae is ontvang nie.

c) Tydens die hantering van verslag word enkele sake hanteer en die inhoud daarvan word onder paragraaf 10 van hierdie notule opgeneem.

Besluit KoNo200907/7
Dat die verslag deur die kongres aanvaar word.

8. BESKRYWINGSPUNTE

MINIKONGRES A: ORGANISASIE
Hanteer 8.1,8.2,8.3,8.4 en 8.5 onder leiding van Lukas de Kock

8.1 VERKIESINGSPROSEDURE

8.1.1 Voorstel vanaf Oord Monument

a) Dat die Nasionale Komitee: Organisasie 'n generiese posbeskrywing t.o.v. die magte en pligte wat geassosieer word met elke standaard portefeulje van alle Voortrekkerbesture opstel (Hoofbestuur, Gebiedsbestuur, Oordbestuur en Kommandobestuur).
b) Dat die Nasionale Komitee: Organisasie 'n minimum vereiste kriteria saamstel vir elkeen van hierdie portefeuljes. Hierdie minimum vereistes moet verwys na toepaslike opleiding (intern en ekstern van Die Voortrekkers), ondervinding (intern en ekstern van Die Voortrekkers) en toerusting. Dit staan egter die Nasionale Komitee: Organisasie vry om te bepaal dat daar vir sekere portefeuljes en / of vlakke geen minimum vereiste is nie.
c) Dat wanneer 'n oproep vir aansoeke uitgestuur word, i.v.m. die verkiesing van 'n spesifieke pos op 'n bestuur, moet dit vergesel word met die volledige posbeskrywing asook die minimum vereiste kriteria. Dit word aanbeveel dat dit duidelik gestel word dat wanneer 'n aansoek nie in is met die posbeskrywing en / of die minimum vereiste kriteria nie, dat die aansoek geweier sal word en die persoon nie genomineer kan word vir die portefeulje nie.
d) Dat al die aansoeke wat ontvang is en wat aan al die vereistes voldoen as nominasies aanvaar word en die nodige verteenwoordigers en / of lede van Die Voortrekkers dan sal stem vir die kandidaat van hul keuse.

8.1.2 Motivering

Wanneer daar in Die Voortrekkers gestem word vir bepaalde portefeuljes op besture word daar geen minimum vereistes gestel t.o.v. die portefeulje nie. Spesifieke portefeuljes verlang spesifieke vooraf opleiding, ondervinding en toerusting om die geassosieerde pligte en verantwoordelikhede van die portefeulje na te kom. Die feit dat Die Voortrekkers geen minimum vereistes vasmaak vir 'n verkiesing nie, veroorsaak dat daar individue verkies word wat nie in staat is om die werk te doen nie – ongeag hoe goed hul bedoelinge is tydens die verkiesing. Die Voortrekkers ervaar vandag, meer as ooit te vore, 'n finansiële bestuur krisis – Nie op Gebieds- of Nasionale vlak nie maar op kommandovlak. Jaarliks is daar menigte kommando's wat glad nie verslag kan doen oor die finansiële stand van die kommando of van die transaksies van die betrokke jaar nie. Baie geld raak jaarliks weg as gevolg van die onvermoë om die nodige finansiële transaksies te boekstaaf of om die nodige prosesse in plek te hê. Dis waarskynlik nie 'n perfekte oplossing maar die voorgestelde punte sal poog om die situasie te verbeter. Hierdie voorstel sal ook nie dadelik oral toepaslik wees nie, maar Die Voortrekkers gaan op 'n punt moet begin om hierdie probleem aan te spreek.

Voordele vir Die Voortrekkers:

a) Die Voortrekkers het meer beheer oor die kundigheid en vaardigheid van die persone wat genomineer word vir 'n bepaalde portefeulje.

b) Die persoon wat verkies word tot ‘n pos sal in staat wees om die geassosieerde magte en pligte van die portefeulje effektief en tot voordeel van Die Voortrekkers na te kom.
c) Dit verlaag die risiko verbonde aan wanbestuur.
d) Dit sal op sy beurt lei dat Die Voortrekkers ‘n meer professionele reputasie in die gemeenskap opbou.
e) Hierdie is ‘n gulde geleentheid vir Die Voortrekkers om die portefeuljes en besture te belyn met strategieë soos Toekomsblik 2020.

Die volgende punte sal ook dan hanteer moet word:
a) Die organisering van bepaalde magte en pligte vir spesifieke portefeuljes op Voortrekker besture asook die benaming van hierdie portefeuljes.
b) Die proses van ‘n verkiesing sonder vooraf nominasie en die toepaslikheid daarvan in Die Voortrekkers van vandag.
c) Loopbaan beplanning vir volwasse lede om te verseker dat daar persone is met genoegsame opleiding, ondervinding en toerusting om die nodige portefeuljes te vul – veral op kommando vlak (administrasie en finansies).

8.1.3 Kommentaar vanaf Hoofbestuur

Hoofbestuur het uitleg van besprekingspunt verander ten einde meer ordelik te lees.

Dit moet in ag geneem word dat dit hierdie ‘n wysiging aan grondwet vereis tov verpligting dat alle lede op dagbesture in bepaalde portefeuljes verkies moet word. ‘n Bestuursliggaam sou dus vooraf die betrokke poste moet “adverteer”. Bekwame leiers sou verlore kon raak omdat twee suksesvolle leiers vir dieselfde pos beskikbaar is en een noodwendig moet uitval. Leiers sou dus net moet “skiet” vir “al die poste” Die bepaling dat daar altyd van beide geslagte op ‘n dagbestuur moet wees sal ook moeiliker hanteer word. Dit is wel so dat in die nominasieproses portefeuljes in gedagte gehou word en dit juis gebruik word om persone met gemengde vaardighede te nomineer. Dit is ook so dat ‘n dagbestuur ‘n groot aantal sake hanteer en nooit is ‘n dagbestuurslid net betrokke in Verkenner of Volwasse sake nie. Tonnelvisie is juis hier ook nie goed nie. Hoofbestuur is wel van mening dat die huidige vermenging van verpligte (sekretaris, finansies en bemarking) en nie-verpligte (Verkenners, PD’s en Volwasse sake) poste dalk goed is. Portefeuljes of sake wat hanteer moet word, word na verkiesing van ‘n aantal leiers aan die betrokke leiers deurgegee. So sal die sekretaris of finansiële lid baie ander funksies bykry om te hanteer.

8.1.4 Kongres bespreking en besluit

Alle bestuursliggame in Die Voortrekkers moet self kan besluit of hulle ‘n verkiesing vir ‘n spesifieke portefeulje, naas die voorgeskrewe portefeuljes, wil uitvoer. Die samestelling van pligte vir ‘n spesifieke portefeulje moet aanpasbaar wees om by die behoefte van die spesifieke bestuursliggaam te pas. NK Organisasie sal wel voorbeelde van omskrywings van pligte en vereistes kan opstel ten einde bestuursliggame in staat te stel om hulle eie pligtestate en vereistes saam te stel.

Besluit KonNo200907/8.1.4

a) Dat die Nasionale Komitee: Organisasie ‘n generiese posbeskrywing t.o.v. die magte en pligte wat geassosieer word met tipiese portefeuljes van alle Voortrekkerbesture opstel (Hoofbestuur, Gebiedsbestuur, Oordbestuur en Kommandobestuur).

b) Dat die Nasionale Komitee: Organisasie ‘n minimum vereiste kriteria saamstel vir elkeen van hierdie portefeuljes. Hierdie minimum vereistes moet verwys na toepaslike opleiding (intern en ekstern van Die Voortrekkers), ondervinding (intern en ekstern van Die Voortrekkers) en toerusting. Dit staan egter die Nasionale Komitee: Organisasie vry om te bepaal dat daar vir sekere portefeuljes en / of vlakke geen minimum vereiste is nie.

c) Dat wanneer ‘n oproep vir aansoeke om nominasies uitgestuur word, volgens elke bestuursliggaam se besluit i.v.m. die verkiesing van ‘n spesifieke pos op ‘n bestuur, moet dit vergesel word met die volledige posbeskrywing asook die minimum vereiste kriteria.

d) **Dat al die nominasies wat ontvang is en wat aan al die vereistes voldoen as nominasies aanvaar word en die nodige verteenwoordigers en / of lede van Die Voortrekkers dan sal stem vir die kandidaat van hul keuse.**

8.2 DEURSIGTIGHEID OP VOORTREKKERBESTURE

8.2.1 Voorstel vanaf Oord Monument

a) Dat ‘n lid van die Voortrekkers is geregtig moet wees tot enige dokument sonder dat die lid se bedoeling of integriteit in twyfel getrek word.

b) Dat kennisgewings van alle vergaderinge op so ‘n tyd en plek gepubliseer word waar enige lid toegang tot dit het. Hierdie kennisgewings moet voldoen aan al die vereistes soos in die Reglemente bepaal.

c) Dat alle relevante dokumente, in besonder die notule, na afloop van die vergadering op ‘n tydige wyse gepubliseer word waar dit vir enige lid toeganklik is.

d) Dat mosies wat op ‘n vergadering dien, wat ‘n wesenlike impak het op enige groep binne die bestuur se area, moet aan die betrokke lede bekend gemaak word vir insette. Indien nodig kan daar selfs ‘n vergadering met al die betrokke groepe en / of persone gehou word met die doel om die mosie te bespreek en ‘n aanbeveling aan die bestuur te maak.

e) Dat die primêre strategieë (soos bemarking, kommunikasie, ens.), die beplanning en die vordering daarvan gereeld aan die lede van Die Voortrekkers gekommunikeer word.

8.2.2 Motivering:

In vandag se lewe is korrupsie en bedrog aan die orde van die dag. Vandat die King II verslag gepubliseer is in 2001, word daar meer klem daarop gelê vir organisasie om meer verantwoordelik en deursigtig op te tree. Alhoewel hierdie verslag primêr gemik was op korporatiewe organisasies is dit net so van toepassing op Die Voortrekkers.

Oor die afgelope vier jaar is daar ‘n groeiende aantal voorvalle waarin bewerings gemaak word dat daar nie op ‘n genoegsame basis met die lede van Die Voortrekkers oorleg gepleeg word rakende besluite wat ‘n wesenlike impak op lede het nie. Voorbeelde hiervan wissel vanaf die verhoging in ledegeld tot die hersiening van die Hoofleierswag en Presidentverkenner evaluasie proses. Lede van Die Voortrekkers is van mening dat besture nie net lukraak kan gaan, besluite neem en dit afdwing nie. Daar is ‘n groeiende behoefte aan formele veranderingsbestuur strategieë om te verseker dat die besluite wat geneem word en die veranderinge wat dit tot gevolg het wenslik is.

Bestuurslede is baie vinnig om te sê dat die besture verkies word uit en verteenwoordigend is van al die lede van Die Voortrekkers. Dit is egter nie meer goed genoeg nie. Lede wil nou ingelig wees van wat op die onderskeie besture gebeur en het ook die behoefte om insae te lewer rakende hierdie sake. Dit is ook baie belangrik dat besture verantwoordelik gehou word vir die besluite wat hulle neem.

Dit impliseer dat daar ‘n groot verandering gemaak moet word. Die tipe van verandering waarvan gepraat word gaan nie oornag gebeur nie en die voorstelle wat hieronder gemaak word moet slegs as die begin beskou word. Dit dien as fondamente waarop op etiese beginsels vir organisatoriese prosesse gaan vestig.

Voordele:

a) Lede voel ingesluit by die besluitnemingsproses en aanvaar groot veranderinge makliker.

b) Meer insette verseker dat ‘n bestuur nie ‘n belangrike aspek mis tydens die neem van ‘n besluit nie en dit help die betrokke bestuur om met meer selfvertroue en sekerheid die nodige besluit te kan neem.

Die volgende sal aangespreek moet word:

a) ‘n Gepaste plek en formaat vir die plaas van kennisgewings en die publisering van die bogenoemde dokumentasie.
b) ‘n Omsigtige kriteria waar volgens bepaal kan word of ‘n mosie ‘n wesenlike impak op ‘n gewone lid van Die Voortrekkers gaan hê.
c) Medium waardeur en die boodskap waarmee strategieë aan lede gekommunikeer gaan word. Bv. Die Hou Koers, Inligtings- en Omsendbriewe, ens. Moontlik ‘n kort kwartaallikse verslag waardeur besture aan hul betrokke lede verantwoording doen vir die vordering van strategieë.
d) Die doel en bruikbaarheid van die huidige jaarverslae en om dit te wysig om meer effektief te wees.

8.2.3 Hoofbestuur kommentaar

Hoofbestuur het uitleg van besprekingspunt verander ten einde meer ordelik te lees.
Daar word direk na Hoofbestuursvergaderings per Inligtingsbrief alle besluite wat die gewone lede raak deurgegee. Die lede van Hoofbestuur of ander meerdere bestuursliggame is Voortrekkers wat juis oor ‘n baie wye front behoorlik betrokke in alledaagse Voortrekkers is en oorsigtelik behoorlik besluite kan neem. Groot sake word altyd ook oor ‘n verloop van tyd aangespreek en hanteer. ‘n Voorsitter of direkteur lewer verslag aan die breë publiek in normale praktyk

‘n Notule van ‘n bestuursliggaam word aan die lede van die vergadering gestuur en is ‘n kort samevatting van ure se gesprekke. ‘n Notule bevat dus inligting wat deur ‘n buitepersoon verkeerd verstaan kan word omdat hy/sy nie in bespreking teenwoordig was nie. Geen direksie gaan hoor by aandeelhouers wat gedoen moet word nie. Daar word wel gebruik gemaak van steekproewe en dit het Hoofbestuur deurlopend gedoen soos nodig. Bekwame leiers sal hulself met stemprosesse laat verkies tot bestuursliggame op vlakke wat hulle moet hanteer met die mandaat wat aan hom/haar gegee is.

Hoofbestuur beveel aan dat daar volstaan word met die huidige gebruik van notules en Inligtings- en Gebiedsomsendbriewe.

8.2.4 Kongres bespreking en besluit

Daar is Voortrekkers wat mettertyd op besture van Die Voortrekkers betrokke wil raak en belangstel in meer inligting. Notules kan nie sondermeer versprei word nie maar belangrike inligting moet vrylik deurgegee word met al die kommunikasiemiddels tot beskikking van Die Voortrekkers. Indien ‘n lid van Die Voortrekkers ‘n vergadering wil bywoon waarvan hy/sy nie normaalweg ‘n lid is nie, moet vooraf toestemming bekom word.

Besluit KonNo200907/8.2.4

a) Dat ‘n lid van die Voortrekkers geregtig moet wees tot enige inligting sonder dat die lid se bedoeling of integriteit in twyfel getrek word.
b) Dat kennisgewings van alle vergaderinge op so ‘n tyd en plek gepubliseer word waar enige lid toegang tot dit het. Hierdie kennisgewings moet voldoen aan al die vereistes soos in die betrokke reglemente bepaal.
c) Dat alle relevante dokumente, in besonder die notule, na afloop van die vergadering op ‘n tydige wyse gepubliseer word aan die betrokke lede van die vergadering.
d) Dat besprekings wat op ‘n vergadering dien, en ‘n wesenlike impak (die gang van bedryf in die Voortrekkerkommando raak) het op enige groep binne die bestuur se area, moet aan die betrokke lede bekend gemaak word vir insette. Indien nodig kan daar selfs ‘n vergadering met al die betrokke groepe en / of

persone gehou word met die doel om die besprekingspunt te bespreek en 'n aanbeveling aan die betrokke bestuur te maak.

e) Dat die primêre strategieë (soos bemarking, kommunikasie, ens.), die beplanning en die vordering daarvan gereeld aan die lede van Die Voortrekkers gekommunikeer word.

8.3 INLIGTINGSTELSEL VIR DIE VOORTREKKERS

8.3.1 Voorstel vanaf Oord Monument

a) Dat Die Voortrekkers oor die volgende vier jaar genoegsame fondse beskikbaar stel vir die koop en / of ontwikkeling van 'n inligtingstelsel of 'n netwerk van stelsels wat bestuursprosesse sal vergemaklik en outomatiseer waar moontlik.
b) Dat genoegsame harde- en sagteware bekom word om hierdie inligtingstelsel volle te implementeer oor die hele organisasie.
c) Dat 'n standaard stelsel ontwikkeling lewensiklus en metodologie gevolg word vir die ontwikkeling en implementering van hierdie stelsel.
d) Dat die funksionele vereistes van die stelsel die volgende punte moet insluit:
   i) Elektroniese registrasie van lede
   ii) Herregistrasie van lede
   iii) Elektroniese oorbetaling van fondse
   iv) Volledige betroubare rekordhouding van finansies
   v) Inskrywings vir kampe en aktiwiteite
   vi) Volledige dokument bestuur
   vii) Voldoende verslaglewering
e) Dat hierdie inligtingstelsel gesentraliseer moet wees.
f) Dat hierdie inligtingstelsel vir enige lid van Die Voortrekkers toeganklik moet wees – ten minste vir almal wat toegang tot die internet het.

8.3.2 Motivering

Ons leef in 'n tyd wat wêreldwyd beskryf word as die "Inligtingsera" waar al die inligting wat jy wil hê slegs 'n druk van 'n knoppie weg is. Op meeste gebiede is dit so maar nie in Die Voortrekkers nie. Die Voortrekkers werk nog op 'n papier gedrewe stelsel bestuur – alles word nog met die hand gedoen. Hierdie stelsel vertrou daarop dat almal wat deel is daarvan die kundigheid en vaardigheid het om hul pligte na te kom. Ons weet dat dit nie altyd en / of oral so werk nie. Daar word meer en meer op lede se tyd aanspraak gemaak deur ander dele van hul lewe en het hulle nie altyd die tyd om alles te doen nie. Dit is duidelik dat daar die behoefte is aan maklike en effektiewe oplossing vir bestuursfunksies binne Die Voortrekkers.

Voordele

a) Die een grootste voordeel van die implementering van hierdie inligtingstelsel is die bestuur van inligting en betroubare verslaglewering van hierdie inligting, wat gebruik kan word vir jaarverslae, projekverslae, statistiek, ens. Wat weer gebruik kan word vir besluitneming.
b) 'n Goed ontwikkelde stelsel sal help om baie administratiewe en finansiële prosesse te outomatiseer. Hierdie outomatisering verklein of raak in geheel ontslae van spesifieke risiko's wat verbonde is aan uitgebreide bestuursprosesse.
c) Hierdie stelsel sal tydige inligting beskikbaar maak vir alle besture en komitees om vinniger en meer effektief te kan funksioneer.

Die volgende moet ook in aanmerking geneem word:

a) Hersiening en –bevestiging van die huidige bestuurstrukture en verwante portefeuljes om te verseker dat dit effektief en toepaslik is.
b) Hersiening van die huidige bestuursprosesse van Die Voortrekkers, die opdatering daarvan en die ontwikkeling van 'n Standaard Prosedure Dokument.

8.3.3 Hoofbestuur kommentaar

Hoofbestuur het uitleg van besprekingspunt verander ten einde meer ordelik te lees.

Fanie Minnie het reuse werk ingesit om ‘n baie suksesvolle administrasiestelsel vir Voortrekkerkommando’s te ontwikkel wat goedkoop en maklik bekombaar is. Die grootste probleem is dat Voortrekkerkommando’s steeds nie genoegsame bekwame personeel of rekenaartoerusting het nie. Daar is in 2005/6 kwotasies bekom vir die skryf van ‘n stelsel en daar is met die hulp van UP aan ‘n stelsel gewerk wat totaal ‘n mislukking was. Dit is vir Die Voortrekkers onmoontlik om daardie bedrae geld te spandeer in die lig van bogenoemde opmerkings. Die huidige stelsel sal tydens die kongres vertoon word. Dit is ‘n saak wat deurlopend bestuur sal word sonder dat daar nou kostes aangegaan met word. Hoofbestuur is tevrede dat die huidige Kommando-administrasiestelsel eers behoorlik getoets moet word alvorens verdere gelde spandeer moet word. Dit is ook duidelik gemaak dat geen inligting van jeuglede of hulle ouers op internet beskikbaar gestel sal word nie. Die geweldige probleme wat groot instellings het om data te beskerm is daagliks nuus.

8.3.4 Kongres bespreking en besluit

Die stelsel wat deur Fanie Minnie ontwikkel is word aan die kongres vertoon. Dit word gedryf deur Access en die program is kosteloos beskikbaar. Voortrekkerkommandos kan ook eie verslae daaruit bou soos benodig. Indien inligting gereeld aan sentrale stelsel deurgegee word en daar vind probleme plaaslik plaas, is die inligting weer beskikbaar om af te laai. Die data kan gladnie op ‘n webblad met toegangskodes bedryf word nie omdat dit te veel persoonlike inligting bevat en jeuglede hierdeur blootgestel sal word.

Besluit KonNo2009/8.3.4

a) Dat Die Voortrekkers die databasis, soos deur Fanie Minnie opgestel, volledig implementeer op alle vlakke.

b) Dat die voorstelle in die besprekingspunt sover moontlik geakkommodeer word.

c) Dat inligting dmv epos of ander elektroniese hulpmiddels gesentraliseer word en nie op ‘n webblad geplaas word nie.

8.4 ORGANISASIESTRUKTUUR

8.4.1 Voorstel vanaf NK Toekomsblik 2020 met Hoofdagbestuur se goedkeuring

a) Dat die hiërargiese vlakke in die Voortrekkers verminder en waar nodig besture en prosesse te kombineer en meer effektief te maak.
   i) Verwyder die oordvlak in die Voortrekkers en brei die hoeveelheid gebiede uit na wat prakties sin maak. Byvoorbeeld: Gauteng, Mpumalanga en Limpopo, Noordwes en Noordkaap, Vrystaat en KZN, Oos-Kaap, Weskaap
   ii) Verwyder die volgende liggame wat tans op gebiedsvlak bestaan en smelt dit saam in een effektiewe nasionale liggaam: Admin, Finansies en Komitees
   iii) Stel die hoofdagbestuur volgens die volgende funksies saam: Hoofleier – verantwoordelik vir algemene en strategiese bestuur, AHL – Finansies, AHL – Administrasie, AHL – Volwassesake, AHL – Verkennersake, AHL - PD-sake.
   iv) Stel nasionale komitees as volg saam
      - In lyn met bogenoemde ses funksies
      - Die betrokke hoofdagbestuurslid as voorsitter
      - Lede word aangewys gebaseer op hul bekwaamheid om op komitees te dien.
      - Daar is nie noodwendig `n verteenwoordiger van elke gebied op die komitee nie.

b) Dat besluitnemingsmagte en verantwoordelikhede op die beste plek in die strukture geplaas moet word.
   i) Hoofdagbestuur: Verantwoordelik vir algemene bestuur en om seker te maak alles is in lyn
   ii) Gebiedsbesture; Verantwoordelik vir vertikale kommunikasie en ondersteuning van kommando’s met geen besluitnemingsreg

8.4.2 Motivering

Agtergrond:

Die figuur hieronder toon die tipiese lewensiklus wat meeste organisasies ondergaan.



Organisasies wat die aanvanklike skommelagtige groei na stigting (aangedui deur 1 op die grafiek) oorleef, gaan `n tydperk van vinnige groei en ontwikkeling (2) in. Gedurende hierdie tydperk gaan dit baie goed met die organisasie totdat dit op `n stadium volwassenheid (3) bereik. Dit is wanneer dinge begin gemaklik raak want alles is in plek en werk goed. Die probleem is egter dat organisasies te gemaklik raak en somtyds uit voeling raak met hul omgewing en wat die toekoms inhou. Op `n stadium kom alle organisasies by `n kritieke punt (4) waar dit of besef dat hulle moet verander en hulself herontwerp, of voortgaan om hulself dood te bloei en `n stadige dood sterf (5). Organisasies wat dit regkry om hulself te herontwerp gaan meestal `n nuwe groeifase (6) in vanwaar die siklus weer sal herhaal.

As `n mens die Voortrekkers op hierdie grafiek probeer plot, sal dit seker as volg lyk:
1 – Stigting in 1931 tot 1950
2 – Sterk groei vanaf 1950 tot 1985
3 – Volwasse fase met `n vinnig veranderende omgewing sedert 1985
4 – Kritieke maak-of-breek punt naby 2009 kongres?

Die volgende punte dui op die feit dat Die Voortrekkers op die oomblik redelik naby die kritieke punt (4) moet wees:

a) Bitter min het fundamenteel verander in die afgelope 20 jaar
b) Lidmaatskap getalle is aan die afneem.
c) Die Voortrekkers se omgewing het dramaties verander.
d) Twyfel bestaan oor wat die behoefte is van die Voortrekkers se mark (die ABC gemeenskap). Wat moet die Voortrekkers wees vir wie?

Hierdie is tipiese eienskappe van organisasies in die Volwasse stadium wat vinnig nader kom aan die keerpunt. Dit is waarom die Toekomsblik 2020 komitee dit nodig ag om die Voortrekkers deur die proses van herontwerp te ondersteun.

Die Voortrekkers moet deur `n “bou die ideale beweging” proses te gaan om te bepaal wat die Voortrekkers behoort te wees om op `n VOLHOUBARE manier aan die behoeftes van hul MARK, die ABC gemeenskap te voldoen. Dit sluit in:

a) Waarvoor die Voortrekkers moet staan.
b) Hoe die Voortrekkers gestruktureer moet wees.
c) Hoe die Voortrekkers moet funksioneer.
d) Waarmee die Voortrekkers hulself besig moet hou (inhoud).

Hoekom die struktuur moet verander:

Die Voortrekkers se struktuur is te groot en lomp vir wat die Voortrekkers probeer om te wees. Die Voortrekkers wil `n effektiewe en vaartbelynde organisasie wees wat met so

min moontlik insette sy doelwitte bereik. Op die oomblik is daar te veel vlakke en duplisering in die bestuur en prosesse van die Voortrekkers. Voorbeelde sluit in:

a) Finansies en administrasie word nasionaal, op gebiedsvlak en op kommandovlak gedoen. In die proses is daar duplisering in prosesse, `n paar mense wat daarmee werk, verskeie stelsels en bankrekeninge ens. Dit is so gestruktureer want dit was nodig in die ou dae toe daar baie lede was en min tegnologiese oplossings. Vandag kan ons werklik al hierdie aktiwiteite konsolideer deur een effektiewe administrasie/ finansies kantoor en stelsels te hê.
b) Vir elke aspek van die Voortrekkers is daar komitees op nasionale en gebiedsvlak wat onnodig baie mense en kostes beteken. Dit veroorsaak ook dat die aktiwiteite in baie gevalle nie goed belyn is nie. Is dit regtig byvoorbeeld nodig om Verkennersake in elke gebied en nasionale vlak te bespreek/ bestuur?
c) Daar is 4 vlakke van bestuur (HB, GB, OB en KB) wat elkeen sy eie strategie en manier van dinge doen het. Dit veroorsaak in sekere gevalle dat dit waaraan gewerk word nie belyn is nie en dat bewegings binne die beweging ontstaan.
d) Besluitnemingsmagte is te wyd en nie goed genoeg gedefinieer nie.

8.4.3 Hoofbestuur kommentaar

Hoofbestuur het uitleg van besprekingspunt verander ten einde meer ordelik te lees.

Hoofbestuur het reeds ‘n aantal konsultante die afgelope jare gebruik om na die struktuur te kyk maar ‘n beter struktuur kon nog nie ontwikkel word nie. Omdat almal vrye tyd gebruik om Voortrekkers te maak werk is dit net moontlik om verantwoordelik te wees vir 5 tot maksimum 10 dienspunte onder jou. Die reistyd en koste om in vrye tyd die onderskeie dienspunte te besoek moet behoorlik in ag geneem word. Die persoonlike kontak en dryf wat die vier gebiedskantore se permanente personeel met plaaslike Voortrekkerkommando’s het is werklik baie meer effektief as wat een sentrale kantoor sou kon bedryf. Vorige pogings om die hoofkantoor en gebiedskantore saam te voeg was duidelik onsuksesvol. Daar is in 2008 ‘n groot ondersoek van stapel gestuur na die wegneem van die Oordstruktuur maar dit is deur alle gebiedsbesture en hoofbestuur afgewys. Die rol van ‘n oordleier moet eerder verbreed word was die finale aanbeveling. Daarom blyk dit steeds dat ‘n Oordleier verantwoordelik kan wees vir 5 tot 10 Voortrekkerkommando’s en dan rapporteer aan ‘n geografies bestuur soos huidige gebieds-/provinsie besture (Kaapland). Bestuurders vanuit die gebiede/ provinsies kom dan 2 keer per jaar saam om nasionale belange te hanteer en laat dit aan ‘n dagbestuur oor om tot uitvoering te bring met die hulp van die onderskeie komitees waarop gebiedsverteenwoordiging weer belangrik is.

8.4.4 Kongres bespreking en besluit

Die kongres neem kennis dat daar selfs ‘n vyfde bestuursvlak, provinsies, in Kaapland gebruik word om die organisasie en bestuur van Voortrekkers daar te verbeter. Die organisasiestruktuur moet ruimte vir Die Voortrekkers bied om Voortrekkersake in die beskikbare vrywe tyd te bedryf. Waar moontlik moet bestuursfunksies gekombineer word.

Besluit KonNo2009/8.4.4

a) Dat die hiërargiese vlakke in die Voortrekkers verbeter en waar nodig besture en prosesse gekombineer of uitgebrei word om die bedryf van Voortrekkers meer effektief te maak.
b) Dat die Hoofbestuur weer ‘n ondersoek sal loods met inagneming van die punte wat voorgestel is in die besprekingspunt.

8.5 LIDMAATSKAP

8.5.1 Voorstel vanaf NK Toekomsblik 2020 met Hoofdagbestuur se goedkeuring

a) Dat Die Voortrekkers “in besonder die jeug” uit sy wese in die grondwet haal en dan “`n kultuurbeweging vir lede van die Afrikanervolk” word.

b) Dat Die Voortrekkers die inhoud van waarmee hy besig is uitbrei om meer te bied vir die volwassene.
c) Dat Die Voortrekkers `n nuwe lidmaatskapstipe skep wat gefokus is op gesins-deelname en volwassenes.

8.5.2 Motivering

Verwys na beskrywingspunt rondom organisasiestruktuur vir agtergrond.
Een van die grootste tekortkominge wat reeds geidentifiseer is, is die gebrek aan genoeg en goed genoeg (kwaliteit) volwasselede.

a) Kwantiteit: Daar is op verskeie plekke in die Voortrekkers bloot net te min volwassenes om goed genoeg aandag te gee aan alles wat gedoen moet word nie. Die gevolg is dat baie goed of glad nie gedoen word nie, of half gedoen word.
b) Kwaliteit: In baie gevalle is die mense wat getaak word om sekere take in die Voortrekkers te vervul, bloot die enigste beskikbare persoon en nie noodwendig bekwaam om dit te doen nie.
c) Motivering: Dit is `n algemene verskynsel dat volwasse lede nie noodwendig gemotiveerd genoeg is om op `n vrywillige basis te doen wat nodig is nie.

Een van die groot redes vir bogenoemde is moontlik dat die Voortrekkers nie genoeg vir volwasse lede bied nie. Die Voortrekkers is tans in wese `n jeugbeweging wat basies beteken dit trek net mense wat passievol is om met die jeug te werk op `n liefdadigheidsbasis. In die proses trek ons nie volwassenes wat kan waarde toevoeg op ander gebiede (soos bestuur) wat minder met die kinders te doen het nie. Indien volwassenes ook voel die Voortrekkers beteken iets vir hulle, sal hulle oor tyd meer betrokke wees en bereid wees om meer te doen. Indien ons ouers betrokke kry, sal die kinders vanself saamkom wat `n positiewe impak op ledetalle sal hê.

'n Nuwe lidmaatskapstipe moet op `n affiliasiebasis werk waar Afrikaner gesinne kan affilieer by die Voortrekkers teen `n redelik lae koste en daardeur tot van die aktiwiteite soos gesinskampe en avontuuraktiwiteite toegang kry. Die verskil tussen die huidige "vol lidmaatskap" en die nuwe "affiliasie lidmaatskap is:

VOL LIDMAATSKAP	AFFILIASIE LIDMAATSKAP
Betaal normale ledegelde	Betaal laer ledegelde
Toegang tot alle Voortrekker aktiwiteite teen normale pryse	Toegang tot sekere Voortrekker-aktiwiteite teen verhoogde pryse
Gefokus op die huidige inhoud van die Voortrekkers	Gefokus op avontuur en gesinsaktiwiteite
Het stemreg in die Voortrekkers	Het geen stemreg in die Voortrekkers
Kry erkenning vir diens deur skeie, graadwiele en toekennings	Kry geen erkenning vir lidmaatskap
Dra Voortrekkerdrag	Dra geen Voortrekkerdrag

Voordele vir nuwe lidmaatskaptipe:

a) Dat die Voortrekkers meer geld sal in deur affiliasiefooie en inskrywingsgeld vir kampe en aktiwiteite. Dit sal die ledegeld druk op volle lede verminder.
b) Dat daar `n wyer basis van mense en spesialiste in die beweging is wat gebruik kan word waar nodig.
c) Dat daar meer volwassenes is wat indirek betrokke is by die Voortrekkers en waarvoor die Voortrekkers iets beteken. Oor tyd, sal die mense hopelik bereid wees om hul betrokkenheid te vermeerder.
d) Daar is meer mense wat "amptelik positief" is t.o.v. die Voortrekkers wat ons meer invloed sal gee.

e) Indien ons ouers betrokke kry, sal die kinders vanself saamkom wat `n positiewe impak op ledetalle sal hê.

8.5.3 Hoofbestuur kommentaar

Hoofbestuur het uitleg van besprekingspunt verander ten einde meer ordelik te lees.

Die gebruik van "Jeugvriende" en "Heemraadslede" is reeds gevestig in Die Voortrekkers. Dit is bekend dat Afrikaner organisasies op volwasse vlak huidig minder lede het en volwassenes graag met Die Voortrekkers wil assosieer. Let ook op die nuwe bemarkingsplakkate waar Die Voortrekkers as "gesinsbeweging" duidelik beklemtoon word. Daar moet egter duidelik gewaak word dat 'n groep volwassenes nie soos Staatmakers organiseer en los van die jeug funksioneer nie. Daar moet egter ruim geleentheid wees om as volwassenes bymekaar te kom vir opleiding en motivering (en kuier) sonder die direkte verantwoordelikheid vir jeug (behalwe jou eie kinders). Hier moet alle volwassenes betrek word - ouers, gemeenskapleiers, eggenotes ensomeer.

Die kongres moet dus seker maak dat Voortrekkerkommando's graag ook 'n volwasse been in die plaaslike kommando wil bestuur waarby ouers en ander persone van die gemeenskap kan deel?

8.5.4 Kongres bespreking en besluit

Die bespreking rondom "in besonder die jeug" word gelaat by die bespreking rondom grondwetsake. Die kongres neem duidelik kennis dat daar volwassenes en hulle gesinne is wat graag met Die Voortrekkers wil assosieer en aan sekere aktiwiteite wil deelneem. Die volwasse been moet 'n gesin kan akkommodeer asook 'n volwassene wat nie as 'n spanoffisier, of op 'n bestuur, kan dien nie. Uit die volwassenes wat so betrokke is kan daar dalk spanoffisiere gewerf word.

Besluit KonNo2009/8.5.4

a) Dat Die Voortrekkers die inhoud van waarmee hy besig is uitbrei om meer te bied vir die volwassene.
b) Dat Die Voortrekkers `n nuwe lidmaatskapstipe, naas jeugvriende, skep wat gefokus is op gesinsdeelname en volwassenes.
c) Dat die Bond van Voortrekkers meer effektief bestuur moet word.

MINIKONGRES B: FINANSIES
Hanteer 8.6 en 8.7 onder leiding van Schalk van Vuuren

8.6 AANWENDING EN VERLIGTING VAN LEDEGELD

8.6.1 Voorstel vanaf Oord Monument

a) Dat die styging in ledegeld beperk moet word tot niks meer nie as die inflasie koers van die Republiek Suid-Afrika.
b) Dat daar gekyk moet word na moderne alternatiewe om bestuurskostes te beveg.
c) Dat uitgawes op Nasionale en Gebiedsvlak beperk moet word tot die minimum.
d) Dat daar aktief gekyk word na inisiatiewe wat addisionele inkomste kan genereer en die benutting van beskikbare hulpbronne soos kommersiële handelsmerke, toegang tot 'n gehoor vir spesifieke bemarking, ens.
e) Dat Die Voortrekkers in die posisie is om en so ver moontlik aansoek te doen vir befondsing van die regering en ander organisasies wat die bevordering vir kultuur ten doel het.

8.6.2 Motivering

Soos enige organisasie het Die Voortrekkers ook 'n lidmaatskapsheffing wat lede moet betaal om aan die organisasie te behoort. Hierdie fondse, volgens teorie, moet aangewend word vir die dag tot dag bestuur van die organisasie. Omdat gewone lede

deesdae beter ingelig is, koester hulle hoër verwagtinge van besture. Dit lei tot ‘n al hoe groter gevoel by gewone lede dat die ledegeld nie met genoeg verantwoordelikheid aangewend word nie. Dit is in die laaste paar jaar net te gerieflik vir besture soos die Hoof- en Gebiedsbesture om die ledegeld jaarliks hoër en hoër te maak om inisiatiewe soos stalletjies by kunstefeeste en reisuitgawes na onproduktiewe en uitgerekte vergaderinge te befonds. Elke keer wat ledegeld verhoog word maak Die Voortrekkers lidmaatskap onbekostigbaar vir Afrikaner gemeenskappe wat al hoe meer verarm. Dit het tot gevolg dat mense begin om opmerkings te maak dat Die Voortrekkers ‘n organisasie is vir meer gegoede Afrikaners. Hierdie stigma kan Die Voortrekkers se beeld en reputasie ongelooflik skade aandoen, soveel so dat die vraag gevra moet word of Die Voortrekkers nog voldoen aan die wese, soos bepaal in die grondwet. Almal herken die belangrikheid aan ‘n jaarlikse heffing vir bestuur onkostes, maar almal herken ook dat iets daadwerklik gedoen moet word om die vraagstukke aan te spreek.

Voordele vir beter finansiële dissipline

a) Ledegeld sal meer verantwoordelik bestuur en beperk word om te verseker dat lede nie uitgebuit word om tendense van die dag na te jaag nie.
b) Addisionele fondse kan gebruik word om behoeftige lede te subsidieer en / of om ledegeld in die geheel te verlaag.
c) Lidmaatskap sal bekostigbaar bly vir al die lede van die Afrikanervolk, in besonder sy jeug.

Die wyse waarop Die Voortrekkers se dienste en produkte verpak, bemark en verhandel word moet behoorlik in ag geneem word.

Konstante innovasie om op nuwe en beter maniere fondse te bekom met die doel dat die organisasie selfstandig kan funksioneer onafhanklik van ledegeld moet nog beter ondersoek word.

8.6.3 Hoofbestuur kommentaar

Hoofbestuur het uitleg van besprekingspunt verander ten einde meer ordelik te lees.

Ledegeld word bepaal deur spesifieke projekte en vaste uitgawes wat die Hoofbestuur of Gebiedsbestuur absoluut nodig ag vir die ordelike voortbestaan van Die Voortrekkers. In 2006 is besluit dat daar beslis meer aandag aan bemarking gegee moet word en daarom het ledegeld in die 2007 jaar meer as inflasie verhoog. Daar was in 2007/8 ‘n geringe afname in ledetal en het die bedryfskoste per lid weer meer as inflasie verhoog. Indien ledetal weer sou styg sal ledegelde per lid onder inflasie verhoog of selfs kon verlaag. Indien ander bronne van inkomste bekom word sou ledegelde kon verlaag. Sien Inkomste en Uitgawe van Hoofbestuur vir afgelope 4 jaar in die verslag. ‘n Verbintenis dat gelde streng aan inflasie gekoppel moet word is dus nie moontlik nie.

Die inkomste van Die Voortrekkers is grootliks ledegeld, ‘n bietjie inkomste uit verhurings en rente op bestaande beleggings. Die staat gee geensins geld aan Die Voortrekkers nie en beoog nie om in die toekoms te gee nie – Die Voortrekkers sou ook nie aanspraak op gelde wil maak nie omdat daar dan ‘n “Teenprestasie” verwag word. Fondsinsamelingspoging soos koffieblikke, boekie verkope, donasies ensomeer het nog nooit meer as 1% bygedra nie.

Uitgawes word beslis beperk maar daar kan nie van ‘n lid van Hoofbestuur of Gebiedsbestuur verwag word om in die plaaslike Voortrekkerkommando tyd en geld te spandeer en steeds op sy eie koste vergaderings by te woon en ander oorhoofse werk op te verrig nie. Kaapland maak reeds ruim gebruik van telefoonkonferensies. Hoofdag-bestuur wel met enkele gevalle maar ‘n vergadering strek tans oor twee dae om alle sake af te handel en dit sal nie met ‘n telefoon vergadering hanteer kan word nie.

Daar is met regeringstroepe gesprek getree en dit sou nou ook onder die nuwe SA president verder gevoer word vir die beskikbaarstelling van subsidie.

.

Hoofbestuur kan ook weer versoek word om in die lig van die huidige ekonomiese klimaat elke projek se noodsaaklikheid te beoordeel en kostes te besnoei waar moontlik.

8.6.4 Kongres bespreking en besluit

Die besprekingspunt word saam met die volgende besprekingspunt bespreek.

8.7 KOSTE VAN VOORTREKKERS

8.7.1 Voorstel vanaf Hoofbestuur in opdrag van kongres 2005

a) Dat minder aktiwiteite verpligtend gemaak word ten einde verpligte koste van Voortrekkers te laat daal.
b) Dat meer gebruik gemaak moet word van internet, epos, telefoniese en mixit span-vergaderings.
c) Dat CQ Hou Koers en Netvatkoers en so meer oorweeg word vir aanbieding van Voortrekkerwerk om in besonder plattelandse Voortrekkers behulpsaam te wees om Voortrekkerkennis op te doen en ABC punte te verwerf.
d) Dat ander inkomste soos borge en skenkings vir spesifieke aktiwiteite of spesifieke kinders bekom word.
e) Dat Voortrekkerkommando's voortdurend die lys van projekte vir fondsinsameling nagaan vir moontlike gebruik en Die Voortrekkers laat weet as 'n spesifieke poging suksesvol was.
f) Dat daar met die daarstelling van voorvereistes om nasionale toekennings te verwerf, die koste daaraan verbonde, behoorlik in ag geneem word.
g) Dat die kwaliteit van Voortrekkeraktiwiteite wel behou word met inagneming van die koste.
h) Dat alle besture gevra word om deeglik en sorgvuldig te begroot en weereens te kyk na dit wat hulle aanbied en te bepaal of dit sinvol en die koste werd is.
i) Dat die aantal kampe, uitstappies en spesialisasies waarvoor ABC punte toegeken word beperk word.

8.7.2 Motivering

Daar is aandag gegee aan die minimum aktiwiteite wat nodig is om dit vir 'n lid tog nog lekker en interessant te maak – reiskoste en voedsel jaag koste van aktiwiteite op en dit raak veral die platteland. Die druk om "punte" te bekom ten einde in aanmerking te kom vir prestige toekennings binne Die Voortrekkers en erkenning buite Die Voortrekkers te verwerf is waarskynlik 'n groot dryfveer. Omdat daar toenemend gesinne met lae inkomste onder die Afrikaners is word aktiwiteite ingekort. Fonds-insamelings is ook om verskeie redes moeiliker in vandag se omstandighede en kleiner Afrikaner gemeenskappe.

Die verpligte koste vir 'n lid van die Voortrekkers bestaan uit:

a) Ledegelde vir kommando, gebied en nasionaal.
b) Aankoop en instandhouding van Voortrekkerdrag.
c) Literatuur benodig vir jeuglede en volwasse opleiding.
d) Koste van opleiding vir volwassenes.
e) Spanvergaderings – reiskoste, materiaal en verversings.
f) Jaarlikse spanuitstappie, spankamp en kommandokamp.
g) Verwerwing van kentekens dmv GGA dae of spanaksies.
h) Bywoning van 'n aantal gebiedskampe, konferensies en nasionale aksies.

Vir volwasse lede raak die druk baie hoog omdat hulle werkstyd moet inboet en dan nog self moet betaal om jeuglede besig te hou.

a) Voortrekkerkommando's kan versoek word om gelde uit gemeenskap te bekom om die las van volwasse lede wat 'n diens vir gemeenskap lewer te subsidieer – baie plekke word dit reeds gedoen.
b) Ledegeld vir alle volwasse lede kan mettertyd afgeskaf word maar dan moet die inkomste uit 'n ander bron bekom word.
c) Gebiedskampe kan versoek word om kostes van volwassenes op kampe te beperk – geen inskrywingskoste is egter nie moontlik nie want party kampe het 'n oorvloed van volwassenes wat net daar is om kamp te geniet.

8.7.3 Kongres bespreking en besluit

Die minikongres reken dat gesentraliseerde administrasie ondersoek moet word ten einde kostes te besnoei. 'n Jaarbegroting vir Voortrekkeraktiwiteite wat minimum spesifiseer ten opsigte van VPD/HW/PV vereistes kan opgestel word. Fasiliteit om bydrae elektronies en maandeliks te maak kan ontwikkel word. Indien 'n bron van inkomste buite Voortrekkers bekom word, moet behoorlik erkenning verskaf word. Ondersoek die loopbaanvereistes (kern besigheid) van Die Voortrekkers. Die versoek om 'n mandaat vir herontwerp van die kern besigheid van Die Voortrekkers te gee word nie deur die kongres ondersteun nie. Die bestuur van administrasie en begroting vanuit 'n sentrale kantoor word nie ondersteun nie maar Hoofbestuur kan dit wel ondersoek. Die implementering van die uitkoms van die ondersoek kan net met wye konsultasie oor alle gebiede geskied.

Besluit KonNo2009/8.7.3
Dat Hoofbestuur versoek word om die volgende te ondersoek:
a) om die Voortrekkers se administrasie/finansies sentraal te bestuur,
b) om die jaarlikse begroting van Voortrekkers deur 'n sentrale kantoor te bestuur en
c) die loopbaanvereistes van Die Voortrekkers ten einde so koste effektief as moontlik bedryf te word.

MINIKONGRES C: BELEID EN VOLWASSE SAKE
Hanteer 8.8, 8.9, 8.10 en 8.11 onder leiding van Piet Strauss

8.8 BENAMINGE BINNE DIE VOORTREKKERS

8.8.1 Voorstel vanaf Hoofbestuur in opdrag van kongres 2005

a) Dat die gebruik van "Offisier" in die Voortrekkers behou word soos tans gebruik.
b) Dat die gebruik van "Voortrekkerkommando" in Die Voortrekkers behou word.

8.8.2 Motivering vir behoud van beide benaminge vanaf Hoofbestuur

Daar is met die laaste kongres in 2005 met 'n oorweldigende meerderheid besluit dat die naam van die beweging "Die Voortrekkers" sal bly, die wapen en leuse so behou word en die Hoofbestuur is opgedra om dit verder te verpopulariseer. Die Hoofbestuur het besluit dat alle groeperings van Die Voortrekkers sal begin om "Die Voortrekkers" voor alle name, embleme, bankrekenings, eiendomsregistrasies te plaas ten einde die naam maksimaal te vestig en ook om alle kontrakte die beste kans op regte bewoording en sukses te bied. Die versoek was dat dit geleidelik infasseer word ten einde nie onnodige kostes aan te gaan vir bestuursliggame nie.

Daar is voor die kongres ruim geleentheid gebied om enige ander benaming of terminologie wat 'n probleem blyk te wees deur te gee. Die verandering van "kapelaan" na "predikant", "veldmedikus" na "dokter" en "adjudant" na "spanoffisier" is toe gedoen. Na verdere navrae en besprekings is aangedui dat slegs die verwysing na 'n "kommando" en "offisier" verder ondersoek moet word.

Die bekommernis met verwysing na ‘n “kommando” en “offisier” is gegrond op die wye militêre gebruik daarvan en die gevoel dat dit dan steeds iets van militêre aard aan Die Voortrekkers koppel. Die naam word dan moeilik in gesprekke en nuusberigte gebruik waar daar met die publiek gekommunikeer word en gee dit iets van oud modies deur. Die persepsie van buitestaanders en dan potensiële Voortrekkers en die bemarking onder ons teikengroep is moontlik in gedrang. tyd van oorlogmaak is hopelik verby. Dit is nou nie meer nodig om laer te trek en oorlog te voer nie maar tog bind die jongmens van vandag baie maklik aan ‘n legende soos Genl De la Rey.

Binne Die Voortrekkers blyk dit dat die twee benaminge baie aanvaarbaar en outentiek is. Dit is wyd die gebruik van organisasies, sportsoorte en ander groeperinge om benaminge van eie oorsprong te gebruik en te vestig. Die Voortrekkers het dus ook die reg om eie benamings te gebruik en te vestig.

Tot op datum is daar nog geen lewensvatbare alternatief aangebied vir die gebruik van “kommando” in Die Voortrekkers nie. Die name wat reeds aangebied word is: “groep” en “tak” maar Hoofbestuur het dit nie aanvaarbaar gevind nie. Indien “kommando” sou wysig sou verwysing na Kommandoleier, Kommandobestuur, Kommandokamp ensomeer moet verander.

Dit is aanbeveel dat die volgende spreekvorms in gesprekke met kinders en volwassenes by skole en in die gemeenskap asook in artikels in koerante, tydskrifte en briewe gebruik:

a) Indien daar na ‘n “kommando” verwys word moet dit te alle tye gekoppel word aan “Voortrekkerkommando” of “ een van die kommando’s van Die Voortrekkers”
b) Die Voortrekkers van Laerskool Garsfontein....
c) Kempie Voortrekkers is ook by die sportdag betrokke in...
d) Die Voortrekkers in Nelspruit hou ‘n kenmekaar...
e) Die Voortrekkerkommando in Kimberley...
f) Spanne van Die Voortrekkers gaan diens lewer...

In Die Voortrekkers word al die volwassenes tans gegroepeer in vier afsonderlike groepe nl: Staatmakers, Offisiere, Heemraadslede of Jeugvriende. Al die volwassenes wat Voortrekkerdrag dra het ‘n bepaalde groepkenteken wat dit uitwys. Daar word wel algemeen onderskeid gemaak tussen die volwasse lede en die jeuglede.

Daar word ook al ‘n geruime tyd ander name genoem om die groepering van volwassenes wat formeel die organisasie maak werk te omskryf anders as om na hulle as “offisiere” te verwys en dit word met kommentaar gelys.

a) “Jeugleier” – tans word dit gebruik om die leiers onder die jeug aan te dui.
b) “Mentor” – al die volwassenes is nie mentors nie want van hulle is net op ‘n dagbestuur wat organisatories is.
c) “Spanvoogde” – sluit weer net die spanoffisiere in.
d) “Fasiliteerder” – net vir spanoffisier.

8.8.3 Kommentaar vanaf Stellenbosch Voortrekkerkommando

Die probleem is nie rondom die gebruik van die benamings binne die Voortrekkers nie, maar die onwetende impak wat dit het op diegene wat by die Voortrekkers behoort aan te sluit en saam te werk. Die situasie is dat die Voortrekkers gegroei en gedy het in 'n fase van SA se geskiedenis waar militêre weerbaarheid 'n groot rol gespeel het in die sukses van Suid-Afrika. Sedertdien is die Voortrekkers egter deel van 'n deel van die SA bevolking wat onder groot druk, van nuuts af hulle bona fides moet verwerf as medewerkers van Suid-Afrika. Dit na ‘n blatante diskreditasieproses deur die huidige regerende party. Die bekommernis is dat verkeerde persepsies geskep word deur terminologie te gebruik wat herinner aan militêre optrede wat veral mense uit die bestaande Afrikaner geledere afskrik sowel as 'n verkeerde persepsie kan vorm by die breë SA samelewing. Die vraag is hoe daardie verkeerde persepsies vermy kan word en

die Voortrekkers homself volledig as ‘n moderne Afrikaner organisasie kan posisioneer. 'n Antwoord is om alle terme te vervang wat die posisie van die Voortrekkers bevorder en terme te verwyder wat ‘n verkeerde indruk kan laat. So is Parades reeds verander na Seremonies en Kapelane vervang. Daar is egter nog terminologie soos: Offisiere en Kommando’s wat nie net herinner aan 'n militêre assosiasie nie, maar ook deur ander organisasies gebruik word (soos Boerekommando's) wat 'n verkeerde beeld aan die Voortrekker se gebruik daaraan koppel.

Volwasse lede
Daarom word die volgende terminologie voorgestel om volwassenes mee te beskryf:

Offisiere na Volwasse lede
Spanoffisiere na Spanvoogde (dit is tog immers aan die rol van ‘n voog waarmee ‘n ouer bereid is om sy kind toe te vertrou)
Offisiere in bestuur na Bestuurslede (dit mag dalk makliker wees om meer bestuurslede te werf as die benamings ooreenstem met die praktyk)
Heemraadslede bly Heemraadslede
Staatmakers bly Staatmakers

Daarom bestaan die volwasse korps uit volwasse lede, soos wat die jeug korps uit jeuglede bestaan.

Die implikasie is dat literatuur aangepas moet word wat mooi inpas by die kongres siklus van elke vier jaar waarmee die literatuur aangepas word.

Die verwagte konsekwensies is dat:
a) die doelwit om die meerderheid van die Afrikanerjeug te mobiliseer baie meer binne bereik is om dat volwasse handleidings deur 'n wyer gehoor gelees en gebruik kan word. Dus is die Offisiere handleiding vir Penkoppe en Drawwertjies vir ‘n baie groter gehoor toeganklik as dit die Volwasse handleiding vir Laerskooljeug is. Dan met die spesifieke verwysing na Penkoppe en Drawwertjies soos dit in die Voortrekkers gebruik word.
b) daar volledig gehandel is om die paramilitêre beeld van die VT te verwyder. Nie net die VT drag en seremonies nie, maar ook die taalgebruik is in lyn met die nuwe beeld van die Voortrekkers.

Kommando’s
Rondom kommando is dit duidelik dat dit vir 'n klomp plekke in Suid-Afrika en Namibië werk. Daar is egter ander gemeenskappe waar dit voornemende deelnemers afskrik. Daarom word die volgende voorgestel.

Dat daar voortaan van Voortrekkers gepraat word in plaas van kommando. Waar dit egter vir 'n plaaslike Voortrekkers van waarde is om die Kommando titel verder te gebruik, staan dit hulle vry om die woord in hulle naam op te neem. Soos bv. Garsvallei Voortrekkerkommando. Maar waar dit nie werk nie, praat 'n mens van Kruinsig Voortrekkers of Despatch Voortrekkers.

In die spesifiek kan daar na die plaaslike Voortrekkers verwys word. In die kollektief kan daar na die Voortrekkers regoor die land verwys word. Die kommandoleier word dan 'n plaaslike leier van die Voortrekkers.

Die implikasie is dat ons dan juis die Voortrekkers as ‘n handelsmerk versterk en al ons energie en gebruiksimpak insit om die handelsmerk te versterk.

Vergelyk dit met die Staatmakers wat reeds gestandariseer het op Groepleiers en die besture bokant die van 'n kommando wat geen militêre term bevat nie.

'n Ander woord wat groot historiese waarde het, maar geen bagasie dra nie en vandag baie gebruik word, is die woord burger. Daar word vandag veel gemaak van die burger-like samelewing en sy regte en pligte (civil society). 'n Mens sou kommando met iets soos burgerkring, burgerlaer, burgergemeenskap of burgerraad kan vervang. Al die Voortrekkers is burgers van die land en kan daarom as lede van 'n burgerraad beskou word. Die Kaap in die Kompanjiestyd het 'n Burgersenaat en 'n Burgerraad gehad, die mense wat die burgers se saak by die Kompanjie moes stel. Die B van die ABC onder-vang egter juis positiewe Burgerskap en die Voortrekkers is gebalanseerde ABC mense.

Ten slotte

"Woorde skep wêrelde." Ons in die Voortrekkers kan nie almal se persepsies wat koerante lees en praat oor die Beweging kontroleer en verduidelik nie. Die verkeerde indruk word nie geskep vir lede van die beweging nie, maar vir nie-lede van die beweging wat behoort deel van die organisasie te wees. So word daar op 'n deur-lopende basis vernuwe, sonder om enigsins afbreek te doen aan die emosionele verbondenheid aan ons verlede. Indien ons nie onsself volledige losmaak van 'n para-militêre beeld nie, skep ons ruimte vir waninterpretasies en ontneem ons aan die doelwit om die meerderheid van die moderne Afrikaner jeug te mobiliseer.

8.8.4 Hoofbestuur kommentaar

Hoofbestuur neem kennis dat Stellenbosch Voortrekkerkommando die twee voorstelle van Hoofbestuur opponeer.

Hoofbestuur volstaan met die aanbeveling dat die gebruik van Offisier, Heemraadslid, Staatmaker en Jeugvriend in die Voortrekker konteks behou word en daar steeds kollektief na die vier groepe as Volwasse lede of Volwassenes verwys word. Dat al die rangbenaminge soos Hoofleier, Gebiedsleier, Oordleier en Kommandoleier behou word. (ipv Plaaslike leier van Die Voortrekkers)

Hoofbestuur volstaan by aanbeveling dat die huidige gebruik van Voortrekkerkommando met die klemverskuiwings wat reeds in algemene gebruik in gesprekke en artikels vir die pers soos in die motivering genoem, en per Inligtingsbrief deurgegee is, behou word.

8.8.5 Kongres bespreking en besluit

Binne die Voortrekkers blyk dit duidelik dat daar gemaklikheid is met die gebruik van "offisiere" en "Voortrekkerkommando's". Wanneer daar in sekere omgewings in die openbare omgewing van die twee terme gebruik gemaak word, veroorsaak dit skynbaar ongemaklikheid. Die woorde mag in Namibië net gebruik word in militêre omgewings. Indien daar wel in persberigte of op openbare verhoë van ander terminologië gebruik gemaak word, moet dit wel dieselfde wees.

Besluit KonNo2009/8.8.5

a) Dat die gebruik van "Offisier" in die Voortrekkers behou word soos tans gebruik.
b) Dat die gebruik van "Voortrekkerkommando" in Die Voortrekkers behou word.
c) Dat die Hoofbestuur die kommunikasie terminologie rondom offisiers-benaminge en Voortrekkerkommando's na buite hersien.

8.9 MENSLIKE HULPBRON BESTUUR

8.9.1 Voorstel vanaf Oord Monument

a) Dat Die Voortrekkers 'n kundigheidslys opstel van die kundigheid en vaardighede van al die volwasse lede.
b) Dat hierdie lys deurlopend bestuur en op datum gehou word deur die toepaslike ampsdraer op Nasionale en / of Gebiedsvlak.
c) Dat bestaande kundigheid versamel en beskikbaar gestel word deur meer omvattende inisiatiewe soos die "So maak mens" reeks.

d) Dat volwasse lede bygestaan word in die samestelling en uitvoering van ‘n persoonlike loopbaan plan vir die betrokke lid.
e) Dat opleiding meer professioneel en toeganklik gemaak word deur middel van ‘n Voortrekker Opleiding Akademie wat primêr op die volgende punte sal fokus:
   i) Aanbieding van kursusse wat relevant is op Voortrekkers en / of persoonlike verryking.
   ii) Ontwikkeling van ver afstand opleidingskursusse wat deur middel van die pos of internet deurloop en voltooi kan word.
   iii) Om spesifieke standaarde daar te stel vir die suksesvolle voltooiing van so ‘n kursus. M.a.w. ‘n evaluering van kursusgangers.
   iv) Die akkreditasie van hierdie kursusse asook die kursusgangers wat hierdie kursusse suksesvol deurloop het.
f) Dat Die Voortrekkers ernstige en groter klem op opvolgerbestuur sal plaas.
g) Dat inisiatiewe daar gestel sal word om te verseker dat daar altyd genoegsame en bekwame kandidate sal wees om enige vakante portefeulje binne Die Voortrekkers te vul.

8.9.2 Motivering

Regoor die wêreld word daar deur organisasies al hoe meer klem gelê op die waarde van menslike kennis. Onder akademici word daar ook al lank gepraat oor lerende organisasies en die bestuur van kennis. Hierdie aspekte net so belangrik indien nie belangriker vir vrywilliger organisasies nie.

Die Voortrekkers beweeg in ‘n fasiliterende gebied in met die primêre fokus op die ontwikkeling van leierskap by die Afrikanerjeug. Indien Die Voortrekkers dit regtig effektief wil doen moet daar meer klem gelê word op die ontwikkeling van die persone wat gebruik word as fasiliteerders: die volwasse lede. Daar is primêr drie fasette tot hierdie uitdaging: (a) Die Voortrekkers het geen benul oor watter vaardighede hul volwasse lede beskik nie, (b) gevolglik gebruik Die Voortrekkers nie die regte persone in die regte plekke en portefeuljes nie en (c) volwasse lede word nie gelei in die ontwikkeling van hul belangstellings en kundigheid nie.

Voordele:
a) Die nodige inligting sal beskikbaar wees om spesifieke persone te identifiseer om ‘n bepaalde behoefte aan te spreek binne Voortrekker verband.
b) Die Voortrekkers kan meer betrokke raak by die burgerlike samelewing en bemagtigingsinisiatiewe deur die stigting van ‘n akademie.
c) Daar sal altyd bekwame lede binne Die Voortrekkers wees om enige vakante portefeulje binne die organisasie effektief te vul.
d) Dit alles lei na ‘n meer professionele organisasie met ‘n meer professionele beeld, identiteit en reputasie van Die Voortrekkers.

Punte wat verder oorweeg moet word:
a) Die wyse waarop inligting versamel, verwerk, gestoor en bestuur word binne Die Voortrekkers en wie verantwoordelik is daarvoor.
b) Hoe voeg Die Voortrekkers tans waarde toe tot die persoonlike ontwikkeling van volwasse lede en watter inisiatiewe kan begin word om dit beter te doen.
c) Die heroorweging van die huidige opleiding metodiek wat deur Die Voortrekkers gebruik word.

8.9.3 Hoofbestuur kommentaar

Hoofbestuur het uitleg van besprekingspunt verander ten einde meer ordelik te lees.

Volgens Hoofbestuur is al die sake wat in die besprekingspunt versoek word reeds op ‘n manier deur Die Voortrekkers hanteer.
NK Volwasse sake is reeds besig met daarstelling van ‘n basis van kundigheid. Slegs persone wat hulle kundigheid aanbied kan in die lys opgeneem word want almal se

kundigheid is nie tot vrye beskikking van Die Voortrekkers nie. Daar is ook ruimte op webblad vir lede van Die Voortrekkers om ‘n bepaalde diens te adverteer.

Die daarstelling van ‘n meer gevestigde opleidingstruktuur kon nog nie vestig nie deur die feit dat vrye tyd werklik vrye tyd is. Kursusleiers word gebruik wat beskikbaar is vir ‘n bepaalde geleentheid en Hoofbestuur is van mening dat dit goed gaan. ‘n Akademie of instituut word ondersoek maar die persone wat dit moet ondersoek het duidelik genoem dat hulle nie eintlik meer vrye tyd het om dit dringend te ondersoek nie. Die koste van ‘n voltydse akademie sal die koste van opleiding beslis skerp verhoog.

Opvolgerbestuur is verskeie male deurgegee en daar is versoek dat daar deurlopend jonger mense op besture betrek moet word. Hoofdagbestuur het ook ‘n jong leier-seminaar in 2008 en 2009 aangebied om met jong opkomende leiers te praat en hulle verantwoordelikheid in te skerp.

8.9.4 Kongres bespreking en besluit

Besluit KonNo2009/8.9.4
Dat kennis geneem word dat die saak reeds aandag geniet en verder uitgebrei sal word.

8.10 ABC PUNTE VIR VOLWASSE LEDE

8.10.1 Voorstel vanaf Hoofdagbestuur.
Dat ABC toekennings nie meer aan enige volwassene lid gegee word nie.

8.10.2 Motivering

a) Baie kommando’s gee nie ABC punte vir volwassenes nie.
b) Met ‘n opname onder volwassenes is daar gevoel dat toekennings oorbeklemtoon word onder volwasse lede.

8.10.3 Hoofbestuur kommentaar
Hoofbestuur is van mening dat die toekenning van ABC punte aan volwasse sowel as jeuglede waarde het en steeds vrywillig deur Voortrekkerkommando’s gebruik kan word.

8.10.4 Kongres bespreking en besluit
Die kongres is van mening dat daar waarde aan die toekennings is en dit op kommandovlak steeds ‘n doel dien.

Besluit KonNo2009/8.10.4
Dat voortgegaan word om ABC toekennings aan volwassenes toe te ken.

8.11 GRONDWET
Voorstel vanaf Hoofbestuur
Dat die Grondwet van Die Voortrekkers in onderstaande artikels so aangepas word om in eietydse Afrikaans die begronding van Die Voortrekkers sinvol te omskryf.

Tydens bespreking in die kongres word enkele verdere wysigings aan die voorstelle, soos in die sakelys opgeneem, aangebring. Dit word reeds in die teks hieronder reggestel.

8.11.1 Grondslag van Die Voortrekkers
2005:
Woord- en Skeppingsopenbaring van God Drie-enig.

2009:
God Drie-enig se openbaring aan ons deur die Bybel en die skepping

Motivering:
God Drie-enig word aan die begin van die sin geplaas. Die verwysing na Bybel is baie meer in die aard van vandag se gebruik. Die nuwe sinskonstruksie stel die bedoeling ook nou duideliker.

8.11.2 Wese

2005:
Die Voortrekkers is ‘n outonome kultuurbeweging vir lede van die Afrikanervolk in besonder sy jeug, gerig deur ‘n Bybels-Christelike lewens en wêreldbeskouing tot ‘n lewenswyse van eer aan God en diens aan volk, land en medemens.

2009:
Die Voortrekkers is ‘n kultuurbeweging wat die Afrikaner, in besonder sy jeug, bemagtig om as positiewe Burgers en konsekwente Christene suksesvol te wees.

Motivering:
Die nuwe bewoording van die wese vind beter aanklank in vandag se taal. Die verwysing na Afrikanervolk word met politiek en die verlede beswaar terwyl die verwysing na Afrikaners baie gemaklik in Suid-Afrika gebruik word

8.11.3 Missie – Vir strategiese plan en literatuur

2001:
Jeug: Jong Afrikaners wat 'n verskil maak.
Voortrekkerleier: Om die Afrikanerjeug toe te rus vir hulle diens aan God, volk en medemens sodat hulle 'n verskil kan maak.

2009:
Die Voortrekkers bemagtig Afrikaners om as positiewe Burgers en konsekwente Christene suksesvol te wees.

Motivering:
Hierdie is ‘n kort, kragtige en moderne sin wat Die Voortrekkers netjies omskryf en algemeen in die publiek, van die verhoog, in die pers en in bemarkingsaksies gebruik kan word.

8.11.4 Doelstellings

a) om die geloof in die Drie-enige God en die Christelike godsdiens wat uit dié geloof voortspruit, uit te leef
   om die geloof in God Drie-enig te vestig;
b) om gesag te aanvaar en die deugde te beoefen wat eie is aan die Bybels Christelike lewe;
   om op alle terreine ‘n Bybels Christelike lewe te lei;
c) om die kultuur van die Afrikanervolk oor te dra en uit te bou en om ons kultuurerfenis te waardeer en te bewaar;
   om die Afrikanerkultuur oor te dra en uit te bou en om ons kultuurerfenis te waardeer en te bewaar;
d) om uit die verlede van die Afrikanervolk te neem dit wat goed is en daarop te bou vir die toekoms;
   om uit die verlede van die Afrikaner te neem wat goed is en daarop te bou vir die toekoms;
e) om ons omgewing waar te neem, te waardeer en te bewaar;
f) om tot goeie landsburgers en leiers te ontwikkel:
g) om gewoontes van oplettendheid, ondersoek, waardering, selfbehoud en diensvaardigheid te ontwikkel.
   om gewoontes van oplettendheid, ondersoek, waardering, selfstandigheid, selfdissipline, diensgerigtheid en diensvaardigheid te ontwikkel.

Motivering:
By doelstelling “a” vestig ons in werklikheid by lede die Christelike Godsdiens.
By doelstelling “b” is dit mooi verkorte. Gesag aanvaar is ‘n Christelike deug.
By doelstelling “c” is die verwysing na Afrikanerkultuur is beter as Afrikanervolk.
By doelstelling “d” is die verwysing na Afrikaner ipv Afrikanervolk beter.
By doelstelling “g” is die omskrywing van selfbehoud na selfstandigheid en selfdissipline bygevoeg en diensgerigtheid klink beter as diensvaardig.

8.11.5 Voortrekkerkode

In die Voortrekkerkode is 10 lewensbeginsels wat ons graag by lede van Die Voortrekkers vestig en word so behou. Die vierde kode se bewoording word aangepas om die beginsel van uitbou en bevordering van die kultuur beter te vestig. By die tiende kode is “diensvaardig” bygevoeg.

a) ‘n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.
b) ‘n Voortrekker lei ‘n Christelike lewe.
c) ‘n Voortrekker aanvaar gesag.
d) ‘n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere.
‘n Voortrekker respekteer en bevorder die taal en kultuur van die Afrikaner.
e) ’n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.
f) ‘n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
g) ‘n Voortrekker is ‘n goeie landsburger.
h) ‘n Voortrekker neem leiding.
i) ‘n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
j) ‘n Voortrekker is diensgerig en diensvaardig.

8.11.6 Kongres bespreking en besluit

Besluit KonNo2009/8.11.6

a) Dat die wysigings aan die grondwet, soos hierbo genotuleer, aanvaar word.
b) Dat die nuwe bewoording mettertyd ingefaseer word en bestaande literatuur nie weg gegooi word nie omdat die begrippe basies dieselfde bly.
c) Dat hoofbestuur die infassering in literatuur en toetsing daarvan sorgvuldig bestuur.

MINIKONGRES D: PENKOPPE EN DRAWWERTJIES
Hanteer 8.12, 8.13 en 8.14 onder leiding van Sias Mostert

8.12 VOORSLAG PENKOP EN DRAWWERJIE TOEKENNING

8.12.1 Voorstel vanaf Vrystaat en Kaapland Gebiedsdagbestuur

Dat daar in die tradisie van die erkenning van uitnemendheid dmv Voorslag, die beginsel van deelname geleentheid deur alle Voortrekkers, die behoefte aan ‘n groter oorgang na Verkenners en die werkswyse van ‘n spankompetisie; die Voorslag stelsel soos volg geïmplementeer word:

a) Alle graad 7s wat die jaar getrou bygewoon het, het die reg om in te skryf vir die Voorslag kamp.
b) Dat die aktiwiteite op die kamp in span verband aangebied word en dat daar evaluering (van vaardighede) gebeur in plaas van die toetsing van kennis.
c) Elke kind wat op die kamp suksesvol voltooi, moet erkenning kry in die vorm van ‘n getuigskrif wat handel met terugvoer oor die kind se ontwikkelingspeil in die vaardighede waarop die kamp geëvalueer is en met erkenning dat die evaluerings kamp bygewoon is.
d) Die aantal top kandidate kwalifiseer om ‘n toekenning in die verband te ontvang.

8.12.2 Motivering

Jeuglede in graad 7 is nog onderweg op die reis van graad 0 tot by graad 12. Dit is duidelik dat daar ‘n groot uitval is in getalle tussen graad 6 tot by graad 8. Graad 7 is ‘n

besondere uitdaging omdat die oorgang na die Hoërskool besondere eise aan jeuglede stel. Daar is ook ‘n behoefte aan evaluering en terugvoer.

In graad 7 is daar die volgende behoeftes wat aangespreek moet word deur die Voortrekkers, indien die Voortrekkers se doelstellings bereik wil word:

a) Almal moet daaraan kan deelneem, nie ‘n vooraf geselekteerde groep kinders nie.
b) Die aard van die jaar se aktiwiteite moet aanpas by wat voor en na die jaar aangepak word.
c) Dit is goed om op ‘n nasionale vlak ‘n uniforme standaard te het waarteen die uitset van graad 7 kinders gemeet word en ook aan die jeuglid terugvoer gegee word.
d) In die Voortrekkers kan elkeen aan alles deelneem en sukses behaal omdat hy/sy teen hom of haarself kompeteer om die vereistes van deelname of uitset aan te voldoen.
e) Die aktiwiteite waar ‘n evaluering plaasvind word in spanverband gedoen, soos alle ander aktiwiteite in die Voortrekkers plaasvind.
f) Die oorgang na die volgende fase in die Voortrekkers moet ondersteun word.

Die evaluering in graad 7 is belangrik en moet gedoen word vir die volgende redes:

a) Die Voortrekkers moet evalueer of die ontwikkeling uitkomste met elke kind bereik is.
b) Om vir die kind terugvoer te gee in die areas waar die Voortrekkers ‘n rol speel in sy/haar ontwikkeling.

8.12.3 Kommentaar Hoofbestuur

Die bedoeling blyk om nie net geheue te toets nie, maar ook vermoëns en vaardighede. Die gevoel is dat daar graag verslag aan kind gelewer wil word. Die huidige toetsmetode mag die kind benadeel en lede word dalk verloor. Sien die volledige verslag soos in paragraaf 7.8.4.4 opgeneem . ‘n Ander proses van “evaluering” teenoor “toetsing” kan sinvol ondersoek word. In groepsessies is dit dalk moeilik om individuele kinders te kan evalueer. In Transvaal word kinders reeds so in groepe getoets en werk dit eintlik goed. Kinders is ook nog nie sterk genoeg om hulself te handhaaf in ‘n groep wat negatief optree nie. Dit sou nie wys wees om spanne saam te stel met kinders uit dieselfde Voortrekker- kommando nie. As net een toekenning gemaak word mag dit ook weer soos vorige toekenning wees waar daar net ‘n klein groepie kinders toekennings kry – ‘n gevoel van diskriminasie. Dink selfs daaraan om aan almal wat die volle kamp deurloop ‘n Voorslag toekenning te gee en spesiale toekennings vir besondere prestasie op die kamp af te handel. Wel pasop vir erekleure toekenning op skool wat dan nie meer toegeken kan word nie. Kongres sou wel ‘n nuwe proses kon goedkeur en die betrokke komitee kan daaraan inhoud gee.

8.12.4 Kongres bespreking en besluit

Besluit KonNo2009/8.12.4

a) Dat die beginsels van Voorslagtoekenning (Goud, Silwer en Brons) behou word.
b) Dat die volgende in ag geneem moet word in verdere ondersoek/herontwerp van toekenning:
  i) Verbreed die manier van assessering om alle elemente van menswees op die Voorslagkamp te evalueer - nie net kennis nie.
  ii) Verskaf individuele terugvoer (verslag) tov geïdentifiseerde areas soos bepaal vanuit die internasionale kennis basisse soos bv. 40 Ontwikkelings bates vir die jeug soos Bv besluitnemingsvermoë; prioriteitsbepaling; samewerking; luistervaardighede;
  iii) Die inhoud van Voorslagtoekenning
  iv) Die skraping van indien van take word sterk aanbeveel.

v) Alle graad 7 s moet geleentheid kry om deur die Gr 7 leerplan (Voorslag-proses) te werk en diegene wat vir die finale toekenning wil kwalifiseer, dui dit slegs so aan by die finale inskrywing.

vi) Verdiep navorsing om al die oorsake te bepaal vir daling in getalle in graad 6, 7, 8 en 9.

vii) Verbreed die manier van assessering om alle elemente van menswees te toets gedurende die PD loopbaan op 'n jaarlikse basis.

c) Dat Hoofbestuur nuwe voorstelle na aanvaarding mag implementeer.

8.13 ABC PUNTE VIR PENKOPPE EN DRAWWERTJIES

8.13.1 Voorstel vanaf Hoofbestuur:

b) Dat die kleurkode by jeuglede in die korrekte volgorde aangebring word wat die pennings betref.

c) Dat die kind 'n minimum van 70 punte moet behaal om 'n toekenning te ontvang met geen maksimum nie.

d) Dat geen punte na die volgende jaar oorgedra word nie.

8.13.2 Motivering:

a) Dit sal die bestuur van die stelsel baie vergemaklik en ook voorkom dat 'n kind wat agter is agter bly en moedeloos word. Dit sal ook verhoed dat pennings oorgeslaan of gespring word.

b) Dit voorkom die najaag van punte wat moontlik kwaliteit kan inboet. Dit sal ook voorkom dat die "arm" kind / kommando of die "ver" kommando's benadeel word omdat hulle nie alles kan bywoon nie.

c) Die ABC toekenning moet steeds opsioneel en outonoom bly en 'n kommando aangeleentheid bly.

d) Die punte word gladnie verder gebruik om ander toekennings in Die Voortrekkers te verwerf nie.

e) Hoofdagbestuur is van mening dat Fanie Minnie wat van die begin hierby betrokke was aan die versoeke aandag moet gee en met voorstelle na Hoofbestuur kom vir wysiging van die betrokke reglement.

8.13.3 Kongres bespreking en besluit

Besluit KonNo2009/8.13.3

a) Dat die kleurkode by jeuglede in die korrekte volgorde aangebring word wat die pennings betref.

b) Dat die puntegewing eerder aangepas word om:

i) 'n groter gewig met punte op kommandovlak verdien word

ii) 'n onderskeid in punte weging tussen junior PD en senior PD gemaak word.

c) Dat die standaardisering van punte toekenning van jeuglede en volwasse lede na Hoofbestuur verwys word om met insette van Fanie Minnie te finaliseer.

8.14 ALGEMENE BESPREKING

8.14.1 Kwaliteitsbeheer – spankompetisie

Dat kennis geneem word dat die saak reeds aandag geniet en verder uitgebrei sal word.

8.14.2 40 bates en 7 gewoontes

Ten einde 'n wêreldklas organisasie te wees is daar gekyk na nuwe inligting om Voortrekkerwerk aan te koppel. By leierskap en spesifiek persoonlike leierskap is daar gekyk na Covey se 7 gewoontes vir 'n gebalanseerde lewe. Die gewoontes moet wel reeds by 'n laerskool kind ingebou word. Verder is daar deur "Search" bepaal dat daar 40 waardevolle bates is wat by 'n kind ingebou moet word. 'n Hele aantal word wel deur Die Voortrekkers aangespreek en moet behoorlik aan ouers, skole en ander leiers gekommunikeer word. Offisiere moet ook besef dat ons hierdie waardes deel en dit in die bestaande Voortrekker kurrikulum aangespreek word.

Die inligting sal nou deur hoofbestuur en onderskeie nasionale komitees nagegaan word om die inhoud met bestaande literatuur te korreleer.

8.14.3 Literatuur oorsig

Daar moet nuwe offisiere handleidings asook nuwe werkboeke beskikbaar wees in 2010 wat dan vir die volgende 4 jaar behou sal word. Die spesialisasies word steeds uitgebrei en vernuwe en nuwe kentekens sal deurlopend bygevoeg word in die spesialisasieboek

MINIKONGRES E: VERKENNERS

Hanteer 8.15,8.16,8.17 en 8.18 onder leiding van Willem Petzer

8.15 VERKIESINGSPROSEDURE VAN JEUGRADE

8.15.1 Voorstel vanaf Oord Monument

a) Dat die samestelling van alle jeugrade van Die Voortrekkers by wyse van ‘n verkiesing gedoen word. D.w.s. dat geen jeugraad deur ‘n liggaam of bestuur aangewys mag word nie.
b) Dat die volledige beskrywing van elke portefeulje van ‘n jeugraad saam met die oproep vir aansoeke uitgestuur word.
c) Dat enige verkenner, ongeag van ouderdom of hoërskool graad vlak, aansoek mag doen om oorweeg te word as ‘n genomineerde vir ‘n spesifieke portefeulje op ‘n jeugraad.
d) Dat die volgende proses gevolg word vir die samestelling van ‘n nominasie lys vir ‘n portefeulje op ‘n Nasionale of Gebiedsjeugraad:
    i) ‘n Oproep vir aansoeke vir spesifieke portefeuljes op die betrokke jeugraad word versprei na alle betrokke Verkenners.
    ii) Alle aansoek word ontvang en verwerk deur die betrokke liggaam.
    iii) Alle verkenners wat aansoek gedoen het word uitgenooi na ‘n evaluerings- en opleidingsgeleentheid, wat deur die betrokke liggaam aangebied word gedurende ‘n tydperk wat hulle beskou as voldoende.
    iv) ‘n Evalueringsverslag van elke aansoeker moet saamgestel word wat redes meld vir die aanbeveling of afkeuring van hierdie betrokke aansoeker.
    v) Na afloop van hierdie evalueringsgeleentheid word ‘n kortlys van aansoekers vir elke portefeulje saamgestel deur die betrokke liggaam. Indien die betrokke bestuur hierdie kortlys goedkeur word die gelyste aansoekers amptelik genomineer vir die betrokke portefeulje.
e) Dat die samestelling van die Oord- en Kommandojeugraad vereis dat slegs ‘n Voorsitter en Sekretaris / Sekretaresse vir die raad aangewys word. Dus is die voorgestelde proses vir die verkiesing van hierdie twee portefeuljes as volg:
    i) ‘n Oproep vir aansoeke vir spesifieke portefeuljes op die betrokke jeugraad word versprei na alle betrokke Verkenners.
    ii) Alle aansoek word ontvang en verwerk deur die betrokke liggaam. Redes moet vermeld word vir die aanbeveling of afkeuring van hierdie betrokke aansoeker.
    iii) Die betrokke bestuur oorweeg al die aansoekers en stel uit hulle ‘n kortlys saam vir die portefeuljes onderskeidelik. Die persone op die kortlys dien dan amptelik as genomineerdes vir die portefeulje.
f) Dat die lys van alle genomineerdes dan versprei word na alle betrokke Verkenners om oor elke portefeulje afsonderlik hul stem uit te bring.
g) Dat die betrokke liggaam stembriewe gedruk of in ‘n elektroniese formaat moet voorsien waarop ‘n Verkenner sy/haar stem kan uitbring vir die kandidaat van hul keuse.
h) Dat die betrokke jeugraad saam gestel word uit die verkose kandidate. ‘n Verkenner kan slegs een portefeulje beklee.

8.15.2 Motivering

Die probleem wat uitgespreek word is tweeledig van aard:

a) As gevolg van die huidige proses en die wyse waarop dit uitgevoer word, stel alle vlakke bloot vir die bevraagtekening van hierdie jeugrade se jurisdiksie / bevoegdheid; en
b) Die Reglemente van Die Voortrekkers onderskei nie meer tussen die prosesse wat gevolg moet word vir die aanwysing / verkiesing van jeugrade op Nasionale / Gebiedsvlak en die van Oord / Kommandovlak nie.

Dit is ‘n algemeen bekende feit dat daar individue binne Die Voortrekkers is wat telling hou van hoe jeugrade, veral op Nasionale en / of Gebiedsvlak saamgestel word in terme van die gebiedskampe en / of kommando’s waaruit hierdie Verkenners kom. Wanneer daar dan, volgens hierdie individue, nie ‘n ewekansige jeugraad aangewys word nie, is dit a.g.v. kamp affiliasies van die liggaam wat die aanstellings maak. Hierdie aantygings nie noodwendig waar nie maar die legitimiteit daarvan kan nie bewys of ontken word nie.

‘n Ingewikkelde deursigtige proses om hierdie tipe van voorvalle te voorkom het sy plek maar is nie noodwendig van toepassing op die laer vlakke (Oord en Kommando) van Die Voortrekkers nie. Dus is die te kort aan ‘n onderskeid tussen die hoër vlakke (Nasionaal en Gebied) en laer vlakke problematies.

Voordele van die voorstel:
a) Verkenners kry die geleentheid om deel te neem aan ‘n demokratiese proses om hul eie leiers te verkies.
b) Die rol van die betrokke jeugraad is bekend aan almal dus sal lede meer genoeë wees om hulle te ondersteun in die uitvoering van hulle pligte.
c) Doelgerigte en gemotiveerde Verkenners word deur die proses aangemoedig om deel te neem en nie om hulleself te onttrek a.g.v. negatiewe persepsies nie.
d) Terugvoer kan gelewer word waarom ‘n aansoek afgekeur word.
e) Die wyse waarop Verkenner jeugrade saamgestel word, word in lyn gebring met die res van die organisasie.

Verdere sake wat ook aandag moet kry:
a) Die rol wat die onderskeie jeugrade binne Die Voortrekkers vervul en die magte en pligte wat hiermee verband hou.
b) Die benodigde portefeuljes binne hierdie jeugrade, die volledige beskrywing van hierdie portefeuljes insluitende die kriteria wat gebruik word om aansoekers aan te beveel en af te keur.
c) Onderlinge konflik tussen kommando’s en/of kampe wat in kompetisie is volgens hoeveel van hulle verkenners op ‘n jeugraad dien. Die oorsaak van hierdie probleem en stappe wat verder geneem kan word om dit te vermy.

8.15.3 Hoofbestuur kommentaar

Hoofbestuur het uitleg van besprekingspunt verander ten einde meer ordelik te lees.

Daar is met elke Gebied se verteenwoordiger oor die verkiesingsprosedure of benoemingsprosedure geskakel. Die proses verskil van Gebied tot Gebied agv geografiese ligging, koste implikasies asook tradisionele gebruik. Die reglement maak egter nie vir elke Gebied afsonderlik voorsiening rondom die proses nie. Nasionale komitee Verkenners is van mening dat al die Gebiedsverteenwoordigers wat vir die Jeugrade verantwoordelik is later die jaar, soos reeds deur die NK Verkenners beplan, die spesifieke kwessies aanspreek. Daar sal ook na die reglement gekyk word om dit sinvol aanvaarbaar vir elke Gebied te maak. ‘n Nuwe formulering sal dan deur NK Verkenners verwys word na Hoofbestuur.

8.15.4 Kongres bespreking en besluit

Besluit KonNo2009/8.15.4
Dat die saak verwys word na NK Verkenners om met die genoemde vergadering aan te spreek met in ag neming van:

i) Bogenoemde betoog van Oord Monument.
ii) Verkiesing alleen te oorweeg teenoor verkiesing na 'n proses of evaluasie.
iii) Gee riglyne waarvolgens elke VT Kmdo/Oord/Gebied sy eie proses daarstel.
iv) Spesifieke ouderdom nie noodwendig Gr 11, maar mag Gr 10 ook wees.

8.16 VERKENNERLEWE

8.16.1 Vanaf Kaapland Gebiedsbestuur

Dat die samestelling van die Verkennerlewe verander word om makliker bruikbaar te wees, spesifiek vir die onderskeie jaargroepe, vir die verkenner en die offisier.

8.16.2 Motivering

Die Verkennerlewe se inhoud, dit wat met die verkenner behandel moet word, is goed. Die modules is egter nie so geskryf dat die spesifieke modules maklik vir die verskillende jaargroepe opgebreek kan word nie. Dit bemoeilik die taak van die offisier, verwar die verkenner en benadeel logiese kontinuïteit van die onderwerp in die verskillende jare. Die riglyne agter in die Verkennerlewe help nie veel vir die gewone offisier nie. Hierdie situasie lei tot verskeie wanpraktyke wat plaasvind. Offisiere verwys na die Verkennerlewe as 'n pragtige koffietafel boek. Die benadering moet wees om dit vir die gewone offisier logies en maklik te maak om sy taak uit te voer.

8.16.3 Hoofbestuur kommentaar

In die besprekingspunt is daar deurlopend verwys na Verkennerhandleiding en dit is gewysig na Verkennerlewe.

Oorweeg die koste van 'n nuwe boek teenoor die daarstelling van 'n sillabus wat behoorlik 'n betrokke jaar se werk wat hanteer moet word omskryf.

Die komitee sou wel versoek kon word om riglyne vir 'n nuwe Verkennerlewe op te stel, die inhoud daarvan te skryf en faseer dit dan stelselmatig vanaf 'n spesifieke jaar vanaf Gr 8 in sodat die Verkenner die betrokke jaar met 'n nuwe boek of jaarboeke begin en dit dan opbou na Matriek.

8.16.4 Kongres bespreking en besluit

NK Verkenners moet ten minste 'n kurrikulum opstel vir die bestaande Verkennerlewe ten opsigte wat in elke Graad jaar afgehandel moet word. Die inligting moet dan 'n aparte offisiere handleiding/kurrikulum handleiding opgeneem word. Die nuwe bewoording van grondslag, wese, doelstellings en kode kan in die handleiding opgeneem word en mettertyd in nuwe Verkennerlewe ingewerk word.

Kennis moet geneem word dat die Verkennerlewe wel 'n voorgestelde "kurrikulum" agterin het wat intussen gevolg moet word.

Besluit KonNo2009/8.16.4:
Dat die saak na NK Verkenners verwys word om te implementeer.

8.17 ABC PUNTE VIR VERKENNERS

8.17.1 Voorstel vanaf Hoofbestuur

a) Dat die kleurkode by jeuglede in die korrekte volgorde aangebring word wat die pennings betref.
b) Dat die kind 'n minimum van 70 punte moet behaal om 'n toekenning te ontvang met geen maksimum nie.

c) Dat geen punte na die volgende jaar oorgedra word nie.

8.17.2 Motivering:

a) Dit sal die bestuur van die stelsel baie vergemaklik en ook voorkom dat 'n kind wat agter is agter bly en moedeloos word. Dit sal ook verhoed dat pennings oorgeslaan of gespring word.
b) Dit voorkom die najaag van punte wat moontlik kwaliteit kan inboet. Dit sal ook voorkom dat die "arm" kind / kommando of die "ver" kommando's benadeel word omdat hulle nie alles kan bywoon nie.
c) Die ABC toekenning moet steeds opsioneel en outonoom bly en 'n kommando aangeleentheid bly.
d) Die punte word gladnie verder gebruik om ander toekennings in Die Voortrekkers te verwerf nie.
e) Hoofdagbestuur is van mening dat Fanie Minnie wat van die begin hierby betrokke was aan die versoeke aandag moet gee en met voorstelle na Hoofbestuur kom vir wysiging van die betrokke reglement.

8.17.3 Kongres bespreking en besluit

Die bedoeling van toekenning is om die Verkenner wat nie om akademiese redes by HW/PV kan uitkom nie erkenning te gee. Verder moedig dit spanoffisiere aan om meer werk af te handel - Orde vd Mier. In skole word die stelsel wel gebruik om skool se meriete toekennings aan leerders te gee. Die bestaande graadwiel, getroue diens en spesialisasie-erkenningskentekens moet steeds gebruik word. Die kentekens persentasie kan dalk verminder word. Moenie die maksimum wegneem nie – hou dit so. Punte moet wel oorgedra word.

Besluit KonNo2009/8.17.3

a) Dat die bestaande ABC stelsel behou word
b) Dat die standaardisering van punte toekenning van jeuglede en volwasse lede na Hoofbestuur verwys word om met insette van Fanie Minnie en NK PD en NK Volwasse sake te finaliseer.

8.18 ALGEMENE BESPREKING

8.18.1 40 Bates en 7 gewoontes

Ten einde 'n wêreldklas organisasie te wees is daar gekyk na nuwe inligting om Voortrekkerwerk aan te koppel. By leierskap en spesifiek persoonlike leierskap is daar gekyk na Covey se 7 gewoontes vir 'n gebalanseerde lewe. Die gewoontes moet wel reeds by 'n laerskool kind ingebou word. Verder is daar deur "Search" bepaal dat daar 40 waardevolle bates is wat by 'n kind ingebou moet word. 'n Hele aantal word wel deur Die Voortrekkers aangespreek en moet behoorlik aan ouers, skole en ander leiers gekommunikeer word. Offisiere moet ook besef dat ons hierdie waardes deel en dit in die bestaande Voortrekker kurrikulum aangespreek word.

Die inligting sal nou deur Hoofbestuur en onderskeie nasionale komitees nagegaan word om die inhoud met bestaande literatuur te korreleer.

8.18.2 HW/PV toetsing

Proses vanaf 2008 na 2009 duidelik verbeter.

"Hertoets" vir kinders wat nie op kamp was nie, is wel 'n probleem, want die Verkenner het dan geen HW of PV nie. Dit is seker ook soos normale lewe – jy het een kans en dan mis jy - die lewe is nie noodwendig regverdig nie. Die Voortrekkers moet dalk die een kind geleentheid bied om wel êrens te kom. Vir Bona fide rede moet 'n proses dalk in werking gestel word vir 'n "hertoetsing" ten einde 'n HW toekenning te kry – meerderheid dink dit is goed

Die moontlike skuif na gebiede vir toetsing – meerderheid reken dat dit nasionaal gehou moet word.

8.18.3 Literatuur oorsig

Die bestaande Verkennerlewe sal vir die volgende vier jaar behou word.
Die spesialisasies word steeds uitgebrei en nuwe kentekens word deurlopend bygevoeg in die spesialisasieboek

8.19 VOORTREKKERDRAG GR 6 EN 7

8.19.1 Voorstel vanaf Kaapland Gebiedsbestuur

Dat Graad 6 & 7 Penkoppe en Drawwertjies ook formele Voortrekkerdrag soos Verkenners mag dra.

8.19.2 Motivering

'n Versoek is ontvang vanaf Penkoppe en Drawwertjies dat hulle ook formele Voortrekkerdrag soos Verkenners mag aantrek na sekere geleenthede soos bv. Kerk-parades, openbare optrede of funksies, erkenningsfunksies, ens. aangesien hul graag wil spog met hul erkenningsbaadjies met kentekens en die gevoel is dat die huidige formele Voortrekkerdrag (denimbroek/romp met gholfhemp en tekkies) nie die nodige deftigheid daaraan verleen vir hul ouderdomsgroep nie.

Na deeglike bespreking en oorweging tydens die Kaaplandse Gebiedsbestuurver-gadering te Wemmershoek gedurende die naweek van 20 tot 21 Maart 2009 is daar besluit dat bogenoemde saak meriete het en sodoende na Hoofbestuur verwys sal word vir verdere bespreking.

8.19.3 Hoofbestuur kommentaar

Hoofbestuur is van mening dat daar volstaan word met aanbeveling van NK Voortrekkerdrag dat alle Penkoppe en Drawwertjies toegelaat kan word om wit hemde (sonder das/tantinie), erkenningsbaadjie, denimbroek/romp en tekkies as formele drag by te voeg vir spesifieke geleenthede. In die opname wat per epos gedoen is in begin van 2009 is wel aangedui dat dasse en tantinie nie bygevoeg moet word nie. Die aanskaf van grys en blou langbroeke vir Penkoppe en Drawwertjies is ook weer groter koste wat ook duidelik oorweeg moet word.

Daar sal van beeldmateriaal of persone gebruik gemaak word tydens die bespreking van die voorstelle op die kongres.

8.19.4 Kongres bespreking en besluit

Dit is duidelik dat Voortrekkers met sekere geleenthede netjies wil vertoon soos kerk bywoning en afsluitingsfunksies. Die gebruik van erkenningsbaadjies alleen by Penkoppe en Drawwertjies is nie genoeg nie. Daar moet wel gewaak word om kostes onnodig op te jaag. Alle Penkoppe en Drawwertjies word reeds toegelaat om wit hemde (sonder das/tantinie), erkenningsbaadjie, denimbroek/romp en tekkies as formele drag by te voeg vir spesifieke geleenthede – besluit van hoofbestuur. Hierdie voorstel brei die besluit uit dat Gr 6 en 7 jeuglede ook die toepaslike broek/romp en das/tantinie mag dra soos Verkenners.

Besluit KonNo2009/8.19.4

a) Dat Graad 6 & 7 Penkoppe en Drawwertjies ook formele Voortrekkerdrag soos Verkenners mag dra.
b) Dat die saak na Hoofbestuur verwys word vir behoorlike implementering.

8.20 TOEKOMSPLAN 2013

8.20.1 Voorstel vanaf Hoofbestuur

Dat die kongres 'n toekomsplan met doelwitte en aksiestappe aanvaar vir implementering in die volgende vier jaar.

8.20.2 Motivering

Die toekomsplan vir 2013 moet deur die kongres ondersteun word sodat dit onmiddellik op alle vlakke in 2010 geïmplementeer kan word.

Die voorgestelde plan vir 2013 is na wye konsultasie saamgestel en reeds op verskillende vlakke bespreek. Hoofdagbestuur het in Maart 2009 'n konsep goedgekeur en dit is aan Hoofbestuur, Gebiedsbesture en Voortrekkerkommando's beskikbaar gestel vir kommentaar. Kommentaar wat ontvang word, word deurlopend beoordeel vir inwerking in die plan en 'n finale konsep word voor die kongres deur Hoofbestuur beskikbaar gestel. Tydens die Kongres sal dit verder bygewerk word met die uitkomste van die besprekings. Saterdagoggend sal die volledige plan gestel word vir finalisering. Die Kongres sal dan ook geleentheid gebied word om aksiestappe by te voeg vir hantering op al die verskillende vlakke van die beweging.

8.20.3 Kongres bespreking en besluit

a) Pieter Ras verduidelik mbv 'n projeksie die stappe wat gevolg is tot nou.
b) Toekomsplan 2013 word aan kongres vertoon, kortliks bespreek en aanvaar– Bylae C.
c) Visie 2013 en 5 strategiese doelwitte word gestel, kortliks verduidelik en aanvaar – Bylae D.
d) Geringe wysiging aan Toekomsblik 2020 word gestel en aanvaar – Bylae D
e) Die kongres verdeel in 6 groepe om aksieplanne saam te stel – PD, Verkenners, volwassenes, Voortrekkerkommandos, oorde en gebiede.
f) Groepleiers rapporteer kortliks terug en insette word saamgevat in een dokument – Bylae E.
g) Hoofdagbestuur en Hoofbestuur sal die insette verder orden en aan die verantwoordelike bestuursvlakke deurgee.

9. HOOFDAGBESTUUR INHULDIGING

9.1 Uitslag van verkiesing deur kieskollege

Die volgende persone is deur die kieskollege verkies en portefeuljes is voorlopig deur Hoofleier toegeken:

Bemarking:	Sias Mostert
Penkoppe en Drawwertjies:	Magda Wentzel
Verkenners:	Willem Petzer
Volwassenes:	Annemaré de Kock

9.2 Inhuldiging van Hoofdagbestuur

Die lede van hoofdagbestuur word deur HL Piet Strauss ingehuldig.

9.3 Boodskap van Hoofleier

Goeie wense word aan nuwe lede van hoofdagbestuur oorgedra.

10. MEDEDELINGS TYDENS KONGRES

10.1 HW/PV toetskamp

'n Baie suksesvolle HW/PV toetskamp is die afgelope paar dae gehou. Die enkele wysigings wat aan die proses aangebring is, is na die mening van die nasionale komitee 'n verbetering. Die Hoofleierswagtoekenning is aan 45 Verkenners gemaak en die Presidentverkennertoekenning aan 177 Verkenners.

10.2 Die Voortrekker (Edms) Bpk

Daar is gevoel dat meer inligting, en meer gereeld, rondom die sake van die maatskappy deurgegee moet word. Tydens die kongres is 'n uitstalling opgestel om inligting deur te gee. Daar is ook 'n sessie ingeruim waartydens vrae hanteer is deur lede van die direksie.

10.3 Argief dokumente

Alle bestuursliggame in Die Voortrekkers word versoek om te alle tye ‘n gedrukte weergawe, van belangrike dokument wat op rekenaar databasisse gestoor word, te hou. Verwys na hoofstuk 15 van die reglemente.

10.4 Volksblad

Hannatjie van der Merwe van Volksblad was by die HW/PV toetskamp en ’n baie mooi berig met foto is geplaas. Sy woon ook die kongres met tye by en weereens word mooi berigte en foto’s in Volksblad geplaas. Die kongres betuig hulle waardering met akklamasie.

10.5 Struwig plaas

‘n Nuwe jeugtuiste met 39 beddens gaan binnekort gereed wees vir gebruik. Die drie aandeelhouers, Voortrekkers is een, sal beslis teen ‘n laer koste daarvan gebruik kan maak. ‘n Nuwe permanente bestuurder is nou aangestel en sal die organisasie daar nou weer beter wees. Die gebrek aan goeie kommunikasie weens swak telefoon verbindings bly nog ‘n probleem.

10.6 Taalgebruik in dokumente

Voortrekkers word versoek om deurgaans in alle dokumente aan taalgebruik aandag te gee en foute deurlopend reg te stel. Die Voortrekkers moet trots kan wees op goed taal versorgde dokumente.

10.7 CQ Hou Koers

Voortrekkers word weer aangemoedig om op 17 Oktober 2009 aan die nasionale Hou Koers deel te neem.

10.8 Geloftefees by Voortrekkermonument

Daar word ‘n program vir 15 Desember beplan. Die Voortrekkers sal nie aktief daarby kan inskakel nie omdat dit vakansie is. Die dag sal wel wyd adverteer word.

10.9 Erfenisfonds

Voortrekkerkommandos wat nog ‘n finansiële bydrae tot die Erfenissentrum wil maak moet dit asseblief nog doen. Die saak word nou afgesluit.

10.10 Solidariteit

Die skenking wat Solidariteit gemaak het om arm Voortrekkers finansieël te help word weer aan kongres bekend gemaak. Aansoeke moet skriftelik deur Kommandodag-besture aan hoofkantoor of hoofsekretaris gestuur word.

10.11 Liedjies

Die woorde van die liedjies wat op die kongres gebruik is, is by hoofsekretaris beskikbaar.

10.12 Spelling van Barkly-Wes

Die korrekte spelling is Barkly-Wes en nie soos op sakelys “Barkley-Wes” nie.

10.13 Hou Koers advertensies

‘n Beroep word gedoen om advertensie van besigheid in Hou Koers te oorweeg.

10.14 Boodskap van Snowy Cruywagen – Hoofbeskermvrou

Dit is ‘n groot eer en voorreg om met Die Voortrekkers te assosieer.

10.15 Boodskap van Willem Cruywagen – Hoofbeskermheer

Vervul jou roeping totdat Hy jou kom haal!

10.16 Boodskap van Carel Boshoff – vorige hoofleier

Die Voortrekkers moet sy rol in die Afrikanervolk bly speel. Soos ‘n blokkie van ‘n legkaart maak dit die prent volledig en die afwesigheid van een blokkie is baie opsigtelik! Die sterkte van Die Voortrekkers lê in die vrywillige diens van volwassenes maar daarin ook die swakheid – nie verplig nie.

11. AFSLUITING

11.1 Bedankings

a) Gerda Stols en medewerkers vir saalversiering en openingseremonie.
b) Nelmarie Oosthuizen vir ontwerp van voorblad van kongres sakelys
c) ATKV en Lapa uitgewers vir boeke
d) Chris en Ans Human en helpers vir heerlike maaltye – word met staande akklamasie bevestig.
e) Sinta Robbertse, Endrieëtta Macmillan en Annatjie Wood vir al die vooraf werk en dienste tydens kongres.
f) Kobus Theron vir vervoer van en na lughawe.
g) Piet Strauss vir uitmuntende leierskap voor en tydens kongres
h) Lukas de Kock en ander lede van hoofdagbestuur vir reëlings rondom kongres.
i) Volksblad vir bywoning en beriggewing van kongres.
j) Tarina vd Merwe vir begeleiding.
k) Paul Koekemoer vir klank.
l) Karin Jordaan vir kyk na kinders.
m) Kaapland gebiedsdagbestuur vir logistieke reëlings.
n) Elke kongresganger vir teenwoordigheid.
o) Schalk van Vuuren en Annatjie du Plessis wat nou uittree uit hoofdagbestuur

11.2 Skriflesing en gebed

HL Piet Strauss sluit af met skriflesing en gebed. Doen alles vir die Here!

11.3 Afsluitingseremonie (Annatjie Blignault)

Die kongres word afgesluit met ‘n vlag en fakkel seremonie.